# Hoofstuk 7

## 'n Ontleding en bespreking van die vernaamste navorsingsbevindinge

## 7.1 Inleiding

Die hoofdoel van die onderhawige studie was om 'n program daar te stel wat tydens gemeentebouprosesse as instrument kan dien om lidmate te help om hulself op ekstrinsieke verandering, waarvoor daar soms intrinsieke verandering by en in persone nodig mag wees, voor te berei en dit reg te hanteer. Inligting wat uit sowel die basis- as die meta-teoretiese studie ingewin is, het aangetoon dat ekstrinsieke verandering 'n bestaansrealiteit is waaraan niemand of niks kan ontkom nie. Trouens, daar is vanuit die basis-teorie vasgestel dat gelowiges – al die lidmate van die Kerk van Jesus Christus – nie alleen intrinsiek móét verander nie, maar dat hulle dit ook op 'n daaglikse basis moet doen. Voorts is vasgestel dat dié proses ten beste aangepak kan word deur elke gelowige daarin touwys te maak om elke dag sy/haar denke te vernuwe. Op dié manier kan gelowiges begin gehoor en uitvoering gee aan die wekroep tot verandering en gehoorsaamheid wat regdeur die Bybel weerklink. Die ander kant van die munt is egter ook ondersoek, naamlik dat, ongeag die nooddruf tot ekstrinsieke verandering, gelowiges tóg eers daarop voorberei moet word en dat veral ekstrinsieke verandering op Kerklike gebied streng aan die Skrif getoets en getrou aan die Bybel onderneem moet word.

'n Belangrike aspek van die veranderingsproses wat in die loop van die onderhawige studie bestudeer is, is die feit dat weerstand teen ekstrinsieke verandering 'n gegewe onder mense is. Dié weerstand moet daarom reeds by die aanvang van enige proses van ekstrinsieke verandering ondervang word. Die ervaring het ook geleer dat mense hul weerstand teen enige voorgenome ekstrinsieke verandering baie vinniger te bowe kom indien hulle met die nodige deernis en geduld daartoe begelei word.

In hierdie hoofstuk gaan resultate aan die orde gestel word wat met behulp van 'n empiriese studie aan die hand van 'n gevallestudie as

navorsingsontwerp verkry is. Gemelde gevallestudie is onder die lidmate van die Gereformeerde Kerk Ontdekkers en by wyse van 'n gestruktureerde vraelys onderneem.

Voordat die resultate bekend gemaak word, sal daar egter eers 'n motivering aangebied word ten einde die besluit op 'n empiriese studie te regverdig, gevolg deur motivering vir die besluit om die empiriese studie in die Gereformeerde Kerk Ontdekkers te onderneem, wat 'n kortlikse uiteensetting van die opset en plasing van die gemeente insluit. Die ontleding en bespreking van die vernaamste bevindinge sal ook deur 'n motivering vir en begronding van die keuse van 'n gevallestudie as navorsingsontwerp voorafgegaan word.

## 7.2 Motivering vir die keuse van 'n empiriese studie

Daar kan sekerlik met redelike oortuiging aanvaar word dat Praktiese Teologie nie met uitsluitlik empiriese navorsing of evaluering kan volstaan nie. Normatiewe aansprake wat by die Christelike geloof ingebed is, behoort altyd deeglik verantwoord te word (Heitink, 1999: 221). Om egter te bepaal hoe teologies verworwe inhoud (basis-teorie) in die praktyk van die geloofslewe van die Kerk (lidmate) verstaan en toegepas moet word, is by uitstek 'n empiriese onderneming (Heitink, 1999: 223), en is presies wat met die onderhawige empiriese studie beoog word. Die gedagte, volgens Heitink (1999: 223), is dat die teoretiese kennis (basis-teorie) wat bekom is, in die praktyk toegepas word, sodat 'n situasie of omstandighede op die kort termyn beredder of verbeter kan word.

Sover vasgestel kon word, is daar nog nie voorheen 'n studie met dieselfde onderwerp (toerusting met die oog op hantering van ekstrinsieke verandering – PF) as die onderhawige studie onderneem nie. (Oor die aspek van ekstrinsieke verandering en die impak daarvan op die samelewing, die Kerk en gemeentes, is daar egter talle studies beskikbaar en word daar steeds goeie werk gedoen.) Die studie kon derhalwe nie op ander studies met dieselfde fokus en gerigtheid voortbou nie, en moes noodgedwonge tot een gemeente beperk word. Laasgenoemde beperking, naamlik dat slegs een

gemeente by die ondersoek betrek is, is egter in ag geneem toe 'n moontlike proses geformuleer is aan die hand waarvan lidmate vir tye van ekstrinsieke verandering toegerus kan word. Die seleksie van 'n enkele gemeente met die oog op die empiriese studie sal in afdeling 7.3 verder gemotiveer word.

Die navorsingstegniek wat in die onderhawige hoofstuk toegepas is, is om die verlangde data met behulp van 'n vraelys in te samel. Die gestruktureerde vraelys (sien Bylae 1) is saamgestel en vir evaluering voorgelê aan prof. H.S. Steyn van die Departement Statistiese Konsultasiediens aan die Potchefstroomse kampus van die Noordwes Universiteit. Dit is gedoen nadat 'n loodsondersoek onderneem is onder lidmate van die Gereformeerde Kerk Ontdekkers, in welke ondersoek lidmate uit verskillende ouderdomsgroepe betrek is om deel van die ontfoutingsproses van die vraelys uit te maak. Veranderinge soos tydens die loodsondersoek aanbeveel en uitgewys, is daarna aangebring. Die betroubaarheid van die aspekte wat getoets is, asook die wyse waarop dit deur voormelde Departement verwerk is, word in die onderstaande tabel uiteengesit (sien tabel 7.1 op die volgende bladsy). 'n Volledige beskrywing van watter statistiese rekenaarpakket in die evaluering gebruik is, word op p. 233 weergegee. Die metode wat ter wille van betroubaarheids-doeleindes deur die Departement ingespan is, is die Cronbach Alfa-metode, ingevolge waarvan die mikpunt .7 van die maksimum 1 op 'n hoë betroubaarheidsyfer vir die verwerkte inligting dui. Soos in tabel 7.1 op die volgende bladsy aangedui, is dié hoë betroubaarheid-syfer wél behaal in sewe van die agt areas wat vir die doeleindes van die studie uitgelig is. Dit sal soos wat die verskillende onderafdelings behandel word, aan die orde gestel word. Die volledige uitslae en verwerkings deur genoemde departement is ter insae op aanvraag by die skrywer hiervan. Verder word die verwerkte inligting in die twee bylaes aan die einde van die proefskrif aangeheg.

**Tabel 7.1 Betroubaarheid van verskeie aspekte wat ondersoek is**

| Item | Mikpunt | Betroubaarheidsyfer behaal |
|---|---|---|
| Impak van verandering | 1 | .772 |
| Weerstand teen verandering | 1 | .770 |
| Toerusting met die oog op verandering | 1 | .734 |
| Bybelse begronding van verandering | 1 | .842 |
| Onsekerheid vanweë verandering | 1 | .773 |
| Noodsaak vir verandering | 1 | .728 |
| Dwang tot verandering | 1 | .760 |
| Erediensbywoning | 1 | .542 |

Die vraelys is na afloop van die erediens op Sondag 11 Mei 2009 aan al die lidmate teenwoordig van 15 jaar en ouer uitgedeel. Alle lidmate van die gemeente is vooraf aangaande die vraelys in kennis gestel. Daarbenewens is die doel van die vraelys by wyse van e-pos of per sms duidelik gemaak, welke verduideliking deur 'n volledige afkondiging die vorige Sondag voorafgegaan is. Daarmee saam is die vraelys ook in e-pos formaat aan lidmate gestuur, sodat dit ook elektronies ingevul en teruggestuur kon word.

Met die vraelys is gepoog om vas te stel hoe lidmate van die Gereformeerde Kerk Ontdekkers ekstrinsieke verandering verstaan, hanteer en beleef. Die gemeente het die afgelope 14 jaar verskeie prosesse van ekstrinsieke verandering ondergaan, soos byvoorbeeld ten opsigte van bepaalde gebruike rondom die Nagmaalviering, die inkleding van die erediens, die gebruik van vroue as diakens en die implementering van die nuwe Psalmboek, wat die TT Cloete-omdigtings en nuwe Skrifberymings insluit. Terwyl hierdie ekstrinsieke veranderinge plaasgevind het, was die lidmate ook, nes alle ander Suid-Afrikaners, aan ingrypende ekstrinsieke veranderinge op die politieke en ekonomiese speelveld blootgestel.

Die empiriese studie is onderneem om inligting in te win wat saam met die basiese grondbeginsels – soos vanuit die basis- en metateorie geformuleer – gebruik kon word om 'n proses te omskryf ingevolge waarvan gemeentebou as instrument gebruik kan word om lidmate toe te rus om ekstrinsieke verandering reg te hanteer en te bestuur.

## 7.3 Motivering vir die keuse van 'n enkele gemeente met die oog op die empiriese studie

By aanvang van die studie is daar duidelik uitgespel dat die teoretiese vertrekpunt van die studie in soverre dit gemeentebou betref, die definisie van Fanoy (2002: 37) sou wees van wat onder "gemeentebou" verstaan word. Daarom moes daar, met die oog op die empiriese ondersoek, gesoek word na gemeentes wat gemeentebou toepas én wat daarin aan gemelde definisie voldoen. Die implikasie is egter geensins dat daar nie op ander terreine en/of in ander gemeentes goed gemotiveerde en sinvolle gemeentebou-prosesse aan die ontvou is nie. Dié genoemde seleksie is gedoen omdat verskillende aanslae tot gemeentebou verskillende – selfs uiteenlopende – resultate kan oplewer.

Sover vasgestel kon word, is dit slegs die Gereformeerde Kerk Ontdekkers wat gemelde definisie as hul verklaarde vertrekpunt tot gemeentebou gebruik, met die gevolg dat dié gemeente 'n logiese keuse vir die gevallestudie was. Dit is nogtans jammer dat slegs een gemeente vir die onderhawige studie ondersoek is, aangesien die studie moontlik daardeur beperk is. Die vraag of die seleksie van slegs een gemeente as gevallestudie wetenskaplik verantwoordbaar is, sal egter in afdeling 7.5 verder aan die orde gestel word.

Nadat Fanoy se studie van 2002, waarin gemelde definisie geformuleer is, voltooi en goedgekeur is, het die kerkraad en gemeente van Gereformeerde Kerk Ontdekkers die definisie aanvaar as synde die vertrekpunt waarvan hul gemeentebou-aksie benader en deurgevoer sou word. Hoewel die proses van gemeentebou verskeie

omwentelinge meegebring het, is ooreengekom om elke voorgenome ekstrinsieke verandering streng aan die volgende kriteria te toets:

- Die noodsaak van elke ekstrinsieke verandering moet uitgewys word, nie alleen aan die kerkraad nie, maar ook aan die gemeente.
- Die Bybelse begronding vir elke ekstrinsieke verandering moet aan die kerkraad en aan die gemeente voorgehou word.
- Besluite ten opsigte van ekstrinsieke verandering, asook die besprekings daar rondom en verslagdoening ten opsigte daarvan, is nie alleen op kerkraadsvlak geneem en gehou nie, maar ook op gemeentevlak, sodat gemeentelede ook húl insette by elke voorgenome sodanige verandering kon lewer.
- Gemeentelede wat sterk weerstand teen 'n bepaalde ekstrinsieke verandering getoon het, is besoek en weer oor die redes vir die spesifieke verandering ingelig, sodat hulle sover moontlik daaroor gerusgestel kon word. Toerusting ten opsigte van die verandering is daarbenewens ook voortgesit nadat die gemelde verandering geïmplementeer is.
- Geen ekstrinsieke verandering is oorhaastig deurgevoer nie en die kerkraad en die gemeente is genoeg tyd en geleentheid gegun om oor besluite in dié verband te besin, om insette daaroor te lewer en om uiteindelik sáám die finale goedkeuring te gee – wat daartoe gelei het dat sekere veranderinge eers na verloop van enigiets van ses tot so lank as 30 maande vanaf die eerste besprekings tot die goedkeuring daarvan, deurgevoer kon word.

By ontleding van die data wat met behulp van die empiriese studie in die gemeente ingewin is, sal sekere moontlike resultate van die proses hierbo uiteengesit, uitgelig word. Gemelde resultate sal dan dien as fokuspunte wat verdiskonteer moet word wanneer gemeentebou ook al as instrument aangelê word om lidmate op ekstrinsieke verandering voor te berei.

## 7.4 Opset en plasing van die Gereformeerde Kerk Ontdekkers

Die Gereformeerde Kerk Ontdekkers is 'n stadsgemeente geleë in Roodepoort, wes van Johannesburg. Die gemeente is in 1966 gestig

en word tans deur die vierde leraar bedien. Die huidige leraar, wat die ondersoeker in die onderhawige studie is, bedien die gemeente sedert April 1995. Een van die versoeke met sy beroep na die gemeente was dat daar dringend aan gemeentebou aandag gegee moes word.

Die leraar het gedurende sy dienstyd aldaar verskeie studies rondom gemeentebou aangepak, maar gou tot die gevolgtrekking gekom dat 'n uitsluitlik Bybel-gefundeerde definisie (lees: eksegeties begronde definisie – PF) vir die begrip "gemeentebou" nog nie bestaan nie (sien hieroor 2.3.1 van hoofstuk 2, waar daar na Fanoy (2002) se MTh verhandeling verwys word, sodat die indruk nie geskep sal word dat daar geen ander Bybelse definisies vir "gemeentebou" bestaan nie, maar wat Fanoy in sy MTh na 'n nadere Bybelse definisie laat soek het – PF). In sy studie met die oog op die verwerwing van 'n meestersgraad, wat in 2002 voltooi is, is só 'n definisie toe wel geformuleer, deur die Kerkraad en gemeentelede van gemelde gemeente aanvaar as riglyn vir gemeentebou en met die oog op die uitbouing van die gemeente in werking gestel.

Ten tyde van die empiriese studie waarvan die data hier verwerk word, het die gemeente uit 526 siele bestaan. Die samestelling van die gemeente het soos volg daar uitgesien: voorskoolse kinders (met ander woorde, tot en met ouderdom 6) was daar 41; van skoolgaande kinders van die ouderdom 7 tot 16 was daar 73; van 17 tot 30 jaar was daar 60; van 31 tot 50 was daar 130; van 51 tot 65 was daar 105; van 66 tot 75 was daar 72 en van die ouderdom 76+ was daar 45. Onder die groottotaal van lidmate kon 265 as synde relatief aktiewe lidmate beskou word. Wat daarmee bedoel word, is dat hiérdie lidmate was wat oor die algemeen een erediens op 'n Sondag bygewoon en meestal die ander funksies van die gemeente ondersteun het.

Die hoë eise en moeilike omstandighede waaronder alle Suid-Afrikaners egter gedurende hierdie tydvak gebuk gegaan het, het hulself inderdaad ook onder lidmate van dié gemeente voelbaar gemaak. Finansiële druk het sy tol geëis; die aantal enkelouer-

gesinne het skerp toegeneem; werkdruk het dit ál moeiliker gemaak om as diakens en ouderlinge te dien en selfs Sondae is dikwels deur werkverpligtinge opgeëis.

Wat die verspreiding van beroepe onder die gemeentelede betref, was daar 'n normale verspreiding van persone wat op bestuursvlak werksaam was tot persone wat in die hoedanigheid van blouboordjie-werknemers hul plek in die arbeidsmag volgestaan het, asook 'n persentasie van nagenoeg 35% van lidmate wat reeds afgetree het.

## 7.5 Verantwoording van die keuse van 'n gevallestudie

Die vraag kan egter gevra word of dit wetenskaplik verantwoordbaar is om 'n enkele gemeente vir 'n gevallestudie te kies en dan die bevindinge uit só 'n beperkte studie 'n breër toepassing op ander kerke in Suid-Afrika te gee – 'n vraag wat aanstons in oorweging geneem sal word.

'n Gevallestudie word beskou as 'n kwalitatiewe studie, en met só 'n studie word gepoog om 'n diepte-beskrywing van die wel en weë van 'n groep mense weer te gee (Mouton, 2001: 148). Die gevallestudie is daarom ingebed by die leefwêreld van die mense wat ondersoek word en bied 'n sonderlinge perspektief op dié mense en hul gedrag.

Babbie en Mouton (2004: 640) omskryf daarom 'n gevallestudie as synde 'n diepte-ondersoek na 'n enkele eenheid. Daarby stel hulle dat só 'n eenheid van een individu tot die volgende, van een gesin tot die volgende, van een sosiale groepering tot die volgende, van een gemeenskap tot die volgende, van een organisasie of instelling tot die volgende en selfs van een lánd tot die volgende kan wissel. Babbie en Mouton (2004: 281) wys verder daarop dat 'n onderdeel van 'n gevallestudie van organisasies inderdaad ook iets soos die proses van verandering (dit sou waarskynlik intrinsieke of ekstrinsieke verandering of selfs albei kon insluit – PF) sal insluit, wat daarom goed aansluit by die kwessie van verandering wat in die onderhawige studie onder die loep geneem is.

Wanneer Welman en Kruger (1999: 190) die kwessie van die gevallestudie aanspreek, lig hulle juis uit dat daar met gevallestudies meestal slegs 'n beperkte aantal eenhede en **dikwels slegs een eenheid** (eie beklemtoning – PF) intensief bestudeer word. Die "eenheid" wat hier ter sprake is, kan dan eweseer 'n individu, 'n enkele groep of een organisasie wees. Die doel van so 'n gevallestudie kan byvoorbeeld juis wees om só 'n organisasie, groep of individu se uniekheid te belig. Welman en Kruger (1999: 192) wys verder daarop dat dit in 'n gevallestudie juis nodig mág en inderdaad aanvaarbaar kán wees om die grense van die studie te verskuif. Daarby is hulle van mening dat, ongeag die navorsingstegniek wat ingespan word, die doel nie uitsluitlik is om bloot te beskryf wat waargeneem word nie, maar ook om identifiseerbare patrone en aspekte wat reëlmatig na vore kom, uit te wys, en dat verskillende instrumente vir dié doel aangewend kan word.

Dié gedagte, naamlik dat 'n gevallestudie verantwoord kan word ten opsigte van slegs 'n individu of 'n enkele groep, word onderskryf deur Gravetter en Forzano (2006: 343), asook deur Cozby (1993: 55). Hoewel Gravetter en Forzano se studie hoofsaaklik op die mediese wetenskap toegespits is, kan die afleiding sekerlik gemaak word dat, in 'n ondersoek na die gedagtes en gevoelens van die lidmate van 'n gemeente, dieselfde beginsels moontlik kan geld wat betref gevallestudies soos wat empiries met die onderhawige studie aangepak is. Volgens Gravetter en Forzano (2006: 343) leen só 'n gevallestudie hom juis daartoe om 'n individu of 'n klein groepie in diepte te ondersoek.

Cozby (1993: 55) sien op sy beurt 'n gevallestudie as 'n ondersoek wat juis ten opsigte van 'n individu onderneem word, maar dat só 'n "individu" ook 'n sakeonderneming, 'n skool of enige ander organisasie of instelling kan wees. In só 'n studie kan dan gefokus word op aspekte soos algemene simptome, aspekte van die persoon of groep se geskiedenis en gedragspatrone of reaksies ten opsigte van bepaalde eksterne en/of interne stimuli (Cozby, 1993: 56).

Die gevallestudie in die onderhawige ondersoek is om hierdie rede met goeie gevolg op 'n enkele gemeente, die Gereformeerde Kerk Ontdekkers, gebaseer, op dieselfde wyse waarop 'n studie van die mikrokosmos die navorser heel dikwels met verrassende insigte aangaande die makrokosmos beloon.

Gravetter en Forzano maan egter dat 'n gebalanseerde beskouing van die gevallestudie as 'n medium vir studie gou sal toon dat hierdie medium sowel oor sterk as swak punte beskik (Gravetter & Forzano, 2006: 345). Onder die sterk punte tel aspekte soos dat groter verskeidenhede daardeur uitgelig kan word, en dat uitsonderings op veronderstelde reëls makliker blootgelê kan word. Daarby help die gevallestudie om konstruktiewe kritiek op die tafel te plaas. Die beperkings van gevallestudies, aan die ander kant, is byvoorbeeld die feit dat dít wat ondersoek word, bloot beskryf word, en dat onderliggende gedrag of oorsake nie verder toegelig word nie (Gravetter & Forzano, 2006: 346). Nóg 'n leemte by gevallestudies is die feit dat uiterlike begronding gewoonlik beperk is. Ondanks voormelde en moontlike ander beperkinge word beperkte gevallestudies nietemin as 'n volwaardig wetenskaplike studiemedium erken.

In húl bespreking van die gebruik van gevallestudies wys Robbins en Judge (2009: 523) daarop dat 'n gevallestudie 'n diepte-ontleding verteenwoordig van 'n groep, 'n organisasie of selfs 'n individu, waaruit 'n ryke verskeidenheid van detail blootgelê kan word. Hierdie inligting kan op verskillende maniere, soos met behulp van onderhoude, verslae en/of waarneming, ingewin word. Robbins en Judge (2009: 524) wys egter ook op dié gevaar dat die persoon wat die gevallestudie onderneem, moontlik subjektief of bevooroordeeld na die data mag kyk. Ondanks hierdie voorbehoud is hulle nietemin die mening toegedaan dat die inligting wat met behulp van gevallestudies ingewin word, van groot waarde kan wees.

Mouton (2001: 149) wys op sy beurt ook moontlike slaggate uit waarin ondersoekers tydens gevallestudies kan trap. Hier meld hy spesifiek dat die inligting wat ingewin word, soms swak ontleed word. Die

ondersoeker van die onderhawige studie het gevolglik, ten einde moontlike probleme rondom subjektiwiteit en swak analise te voorkom, die verwerking van die verkreë inligting aan die Departement Statistiese Konsultasiedienste van die Noordwes Universiteit se Potchefstroomse kampus, onder leiding van professor H.S. Steyn, oorgelaat.

Hoewel De Vos en andere (2002: 161) in húl studie die term "single-system design" as 'n uitruilbare term vir die begrip "gevallestudie" gebruik, beskou hulle ook die gevallestudie as 'n grondige metode van empiriese ondersoek. Onder die pluspunte van dié studiemetode vermeld hulle die feit dat dit gebruikersvriendelik is, dat feitlik enige praktiese aspek aan die hand van dié metode ondersoek kan word en dat die resultate van só 'n studie vinnig beskikbaar gemaak kan word. Hulle maan egter (2002: 163) dat ondersoekers absolute klaarheid moet hê oor die vraagstuk of probleem wat hulle aan die hand van 'n gevallestudie wil ondersoek. Hierbenewens ag hulle dit noodsaaklik dat wanneer herhalende studies onderneem word, dieselfde persone elke keer weer betrek sal word.

De Vos, *et al.* (2002: 168), stel voorts dat hoewel betroubaarheid by gevallestudies belangrik is, betroubaarheid nie primêr handel oor **wát** getoets word nie, maar oor **hoe deeglik** getoets word. Daarom is die meetinstrument wat vir empiriese ondersoeke gekies word, van groot belang. Goeie keuses vir die insameling van data is, volgens De Vos, *et al.* (2002: 171), onder meer vraelyste, skale, indekse en oorsiglyste. Die keuse vir die onderhawige studie het dan ook op 'n vraelys geval.

Wat vraelyste betref, word die volgende tipes voorgehou (De Vos, *et al.*, 2002: 172): vraelyste wat per pos of via e-pos aangestuur word; vraelyste wat telefonies hanteer word; vraelyste wat per hand uitgedeel word; persoonlike vraelyste en vraelyste wat in groepsverband hanteer word. Die tipe vraelys wat vir die onderhawige studie geïmplementeer is, verteenwoordig in werklikheid 'n mengsel van 'n aantal van hierdie tipes vraelyste, aangesien die vraelyste eers per hand in groepsverband uitgedeel is, maar later ook via e-pos aan individue uitgestuur is.

Wat die saamstel van 'n vraelys betref, moet daar egter aan die volgende kriteria voldoen word (De Vos, *et al.*, 2002: 176) (in Afrikaans weergegee):

1. Die vrae moet kort en kragtig en in verstaanbare taal (verkieslik die respondent se moedertaal) geformuleer word.
2. Die alternatiewe antwoorde by elke vraag moet helder en duidelik geformuleer wees en mag in geen opsig 'n aanduiding gee van die ondersoeker se eie idees oor of voorkeure ten opsigte van die onderwerp nie.
3. Elke vraag mag rondom slegs een gedagte geformuleer word.
4. Elke vraag moet streng verband hou met die saak wat aan die hand van die vraelys ondersoek word.
5. Abstrakte vrae wat moontlik die deelnemers aan die vraelys vreemd op die oor kan val, moet liefs vermy word. Hierbenewens mag die ondersoeker nie goedsmoeds aanvaar dat almal wat die vraelys gaan invul, met die onderwerp vertroud is wat in die vraelys te berde gebring word nie.
6. Die volgorde van die vrae wat gestel word, moet van só 'n aard wees dat die meer algemene, nie-indringende vrae eerste gestel word, sodat die deelnemers op hul gemak sal wees wanneer die meer persoonlike, sensitiewe vrae aan die beurt kom.

Daar word verder aan die hand gedoen dat elke vraelys eers aan 'n loodsondersoek onderwerp word ten einde vas te stel of daar enige probleme sou wees, soos byvoorbeeld dubbelsinnige vrae, moeilik verstaanbare vrae, en dies meer (De Vos, *et al.*, 2002: 176). Die ondersoeker van die onderhawige studie het dan ook met die opstel en toetsing van die vraelys aan al bogenoemde vereistes probeer voldoen alvorens dit onder deelnemers in die Gereformeerde Kerk Ontdekkers-gemeente versprei is.

Samevattend kan dan gestel word dat die besluit om met hierdie ondersoek 'n empiriese studie te onderneem aan die hand van 'n vraelys wat onder die betrokke respondente van slegs een gemeente versprei is, wel verantwoordbaar is – ondanks die beperkinge,

gebreke en leemtes wat noodwendig in sodanige studie blootgelê sou kon word. Hierbenewens is alles moontlik ter voorbereiding van die ondersoek in die gemeente van die Gereformeerde Kerk Ontdekkers in werking gestel om die studie so objektief en onbevooroordeeld moontlik te loods en deur te voer.

## 7.6 Ontleding en bespreking van die vernaamste bevindinge

Daar is gehoop om veral dié lidmate wat op 'n baie gereelde basis by die gemeente se aktiwiteite betrokke is, by die invul van die vraelys te betrek. Gemeet aan hierdie kriterium het dit daarop neergekom dat, ideaal gesproke, nagenoeg 265 lidmate die vraelys sou kon invul. Daar was uiteindelik 139 respondente wat die vraelys ingevul en terugbesorg het, wat weer beteken dat daar 'n 53%-respons was.

Soos reeds vermeld, is die verwerking (SPSS Inc. (2009). PASW Statistics 18, Release Version 18.0.0. Copyright© by SPSS, Inc., Chicago, IL. www.spss.com.) van die ingevulde vraelyste deur die Departement Statistiese Konsultasiedienste van die Noordwes Universiteit se Potchefstroomse kampus behartig, en is die statistiese bevindings wat vervolgens bekendgemaak gaan word, danksy hul verwerking blootgelê. Die volgende kernsake is in die verwerking nagevors en sal verder toegelig word, naamlik biografiese gegewens van respondente, impak van ekstrinsieke verandering op lidmate, weerstand teen verandering, die toerus van lidmate met die oog op verandering, Bybelse begronding van ekstrinsieke verandering, onsekerheid vanweë ekstrinsieke veranderinge, die noodsaak van ekstrinsieke verandering en die effek van ekstrinsieke verandering wanneer dit op lidmate afgedwing sou word. Hierbenewens word daar ook kortliks verwys na die bevinding waartoe daar oor die uitwerking van ekstrinsieke verandering op eredienste en op die bywoning daarvan geraak is.

Hoewel sommige van die onderafdelings alhier van bevindinge voorsien sal word, word die kolomme met die volledige bevindinge soos vanaf die Departement Statistiese Konsultasiedienste van die

Potchefstroomse kampus van die Noordwes Universiteit ontvang, as Bylae B tot die studie toegevoeg.

### 7.6.1 Respondente se biografiese gegewens

Soos reeds hierbo aangedui, is ingevulde, bruikbare vraelyste van altesaam 139 respondente terugontvang, waarvan 67 as manlike en 66 as vroulike respondente gemerk is (in die oorblywende 6 vraelyste is die vraag na geslag nie gespesifiseer nie). Hoe die ouderdomsprofiel van die respondente daar uitsien, word in tabel 7.2 hieronder uiteengesit.

**Tabel 7.2 Respondente se ouderdomsprofiel**

| | |
|---|---|
| Jonger as 16 jaar | 1 |
| 16 - 20 jaar | 3 |
| 21 - 24 jaar | 3 |
| 25 - 29 jaar | 12 |
| 30 - 40 jaar | 23 |
| 41 - 50 jaar | 17 |
| 51 - 60 jaar | 27 |
| Ouer as 60 jaar | 51 |

Iets wat dadelik van die respondente se ouderdomsverspreiding opval, is die feit dat 56.1% van hulle ouer as 50 jaar is. Die persepsie, naamlik dat dit hoofsaaklik mense in hierdie ouderdomsgroep is wat teen ekstrinsieke verandering weerstand bied, was dus iets wat by die verdere ontleding van die vraelysdata in gedagte gehou moes word.

'n Persentasie van 9.4% van die respondente is vir minder as twee jaar deel van die gemeente, terwyl 16.5% reeds enigiets tussen 2 en 5 jaar tot die gemeente behoort. 'n Verdere 16.5% is van 6 tot 10 jaar deel van die gemeente, terwyl 53.2% reeds langer as 10 jaar tot die Ontdekkers-gemeente behoort.

Wat die lewensterrein, stand en posisie van respondente betref, het die volgende aan die lig gekom: 3 is skoliere, 3 is studente, 58 is voltydse werknemers, 7 is deeltydse werknemers, 6 is werkgewers en 1 is werkloos. Hierbenewens is daar 9 entrepreneurs, 14 "tuiste-skeppers" (so genoem by gebrek aan 'n beter benaming om hul kategorie te onderskei) en 31 pensioenarisse. Slegs 1 respondent het aangedui dat sy/haar posisie nie by een van bogenoemde kategorieë inpas nie.

### 7.6.2 Die impak van verandering

Die vraelys het die ondersoeker in staat gestel om te bepaal in welke mate intrinsieke verandering 'n impak op respondente gehad het. Die vrae is só geformuleer dat dit nie alleen die gemeentelede se reaksie getoets het op ekstrinsieke verandering binne gemeenteverband op kerklike gebied nie, maar ook of en in welke mate ekstrinsieke veranderinge in die politiek en op ekonomiese gebied hulle geraak het.

Wat **politieke** verandering betref, het 38.9% van die respondente aangedui dat sodanige ekstrinsieke veranderinge hulle glad nie of slegs in 'n geringe mate beïnvloed. 'n Persentasie van 59% van die respondente het egter aangedui dat hulle enigiets van in 'n mate tot in 'n hoë mate deur ekstrinsieke veranderinge op politieke gebied geraak is en word. Wat hier in gedagte gehou moet word, is dat toerusting met die oog op ekstrinsieke politieke verandering beperk was en dat dié veranderinge heel dikwels onverwags gekom of ánders gerealiseer het as wat aanvanklik verwag is.

Respondente se reaksie ten opsigte van ekstrinsieke **ekonomiese** verandering sien soos volg daar uit: 4 respondente het aangedui dat dit hulle glad nie raak nie, 22 dat dit hulle in 'n mindere mate raak, 60 dat dit hulle in 'n mate raak en 53 dat dit hulle in 'n hoë mate raak. By dié resultate kan in gedagte gehou word dat 'n betreklik hoë persentasie van respondente ouer as 50 jaar is en dat sommige van hulle reeds pensioentrekkers is, wat sou beteken dat ekstrinsieke ekonomiese veranderinge hul inkomste meer regstreeks kan beïnvloed (byvoorbeeld met dalings of stygings in die rentekoers). Ander weer het min tyd oor om vir hul aftrede voorsiening te maak, met die gevolg dat ekstrinsieke ekonomiese veranderinge hulle regstreeks raak en dat enige wisselvalligheid op ekonomiese gebied by hulle rede tot kommer wek. Voorts is die vraelys ingevul in 'n tyd waarin Suid-Afrika (en die res van die vrye wêreld) amptelik onder 'n resessie gebuk gegaan het wat baie min mense in werklikheid voorsien het.

Wat ekstrinsieke verandering betref in die gemeente van die **Gereformeerde Kerk Ontdekkers** waarvan respondente lidmate is, is die volgende ten opsigte van die impak van intrinsieke verandering blootgelê: 20.1% het aangedui dat sodanige verandering hulle glad nie raak nie; 33.1% het aangetoon dat dit hulle in 'n mindere mate raak; 30.2% het aangedui dat dit hulle in 'n mate raak en 15.1% het aangetoon dat dit hulle in 'n hoë mate raak.

Hoewel 'n klein persentasie van die respondente aangedui het dat ekstrinsieke verandering op dié drie aangeduide terreine hulle geensins raak nie (9.4% ten opsigte van die politieke, 2.9% ten opsigte van die ekonomiese en 20.1% ten opsigte van die Kerklike gebied), blyk dit duidelik dat 86.3% van die respondente wél op die een of ander wyse deur ekstrinsieke verandering geraak word – 'n gegewe wat deeglik verdiskonteer behoort te word wanneer ekstrinsieke verandering op welke gebied ook al in die gemeente van Ontdekkers aangepak wil word.

Die bevindinge rondom die impak van ekstrinsieke veranderinge op lidmate stem daarom ooreen met dít wat in afdeling 4.2 en 4.4 van die basis-teorie uitgewys is, welke afdelings aan 'n bestudering van teologiese werke ten opsigte van ekstrinsieke verandering gewy is. In afdeling 4.2 word naamlik aangedui dat ekstrinsieke verandering, hetsy in die Kerk of in 'n bepaalde gemeente, met omsigtigheid aangepak behoort te word, aangesien dit lidmate moontlik regstreeks mag raak. Hoewel omsigtigheid ten opsigte van verandering in 4.2 aangedui is, beteken dit nie dat daar van noodsaaklike veranderinge weggedeins moet word nie. Dit sou eerder inhou dat dit Kerkleiers (persone in beheer en aan die stuur van die veranderingsproses binne die raamwerk van gemeentebouprosesse) gerade sou wees om lidmate deeglik aan die hand van 'n spesifieke proses te begelei en hulle só op verandering voor te berei. Dit is dan ook die rede waarom die onderhawige studie onderneem is na die wenslikheid daarvan om gemeente-bou as instrument in te span om lidmate vir verandering toe te rus. In programme wat vir dié doel aanbeveel is, soos in afdeling 4.4

aangedui, word daar immer om deeglike beplanning en omsigtigheid gepleit, juis omdat ekstrinsieke verandering so 'n reuse-impak op lidmate kan hê.

Dit sou goed wees om daarop te let dat omsigtigheid bepleit word vir ekstrinsieke verandering en dat hier nie na intrinsieke verandering verwys word soos wat in die basisteorie in hoofstuk 2 bespreek is nie. Daaruit is dit duidelik dat intrinsieke verandering (*μεταμορφουσθε*) noodsaaklik is en selfs afgedwing kan word (vergelyk God se optrede teenoor Moses (3.5.2) en Jona (3.5.3) – PF).

Hoewel nie formeel beskryf in die beplanning rondom gemeentelede se toerusting rakende ekstrinsieke verandering nie, is daar tóg omsigtigheid aan die dag gelê met elke ekstrinsieke verandering wat in die bestek van 14 jaar by die Ontdekkers-gemeente ingevoer is. Dit is gedoen omdat die Kerkleiers diep onder die besef geleef het van die feit dat geen voorgenome ekstrinsieke verandering die lidmate onaangeraak sou laat nie. Veranderinge is gevolglik noukeurig beplan, gekommunikeer en oor lang tydperke heen bespreek alvorens dit goedgekeur en uitgerol is.

Ook die studie vanuit die Mensbestuur-vakrigting wat in die onderhawige studie vervat is, het aangedui dat ekstrinsieke verandering 'n reuse-impak op mense kan hê, en dat enige voorgenome ekstrinsieke verandering daarom behoorlik beplan en bestuur moet word. Dié gegewe is ook in afdeling 6.2.3 bespreek, waar daar op voorbereiding tot ekstrinsieke verandering gefokus is, asook in afdeling 6.2.5, waar die korrekte bestuur van ekstrinsieke verandering ter sprake gekom het.

Die belangrike rol wat ekstrinsieke verandering in lidmate se lewens te speel het, word derhalwe genoegsaam vanuit die basis- en metateorie en vanuit die empiriese studie beklemtoon om onomwonde te kan stel dat dit nooit geïgnoreer, genegeer of selfs net onderspeel durf word nie. Ekstrinsieke verandering moet egter nie alleen goed beplan en met omsigtigheid aangepak word nie, maar ook deurentyd gemoniteer word sodra dit uitgerol word. Vrees vir die impak wat ekstrinsieke


verandering moontlik mag meebring, mag egter nie tot gevolg hê dat daar gestagneer word of dat ekstrinsieke verandering in die geheel vermy word nie.

### 7.6.3 Weerstand teen verandering

Hoewel dit nog wetenskaplik bepaal moet word, kan daar waarskynlik gestel word dat die meeste mense tóg 'n mate van weerstand teen ekstrinsieke verandering ervaar, waarskynlik omdat die mens geneig is om in 'n gemaksone vas te val en ook omdat vrees vir die onbekende moontlik in die gedagte kan leef. Om dié rede is die respondente wat by die ondersoek betrek is, deeglik getoets wat hul weerstand teen ekstrinsieke verandering op drie lewensterreine betref, te wete politieke en ekonomiese verandering, asook spesifiek verandering in die gemeente waartoe hulle behoort, naamlik die Gereformeerde Kerk Ontdekkers. Dié ondersoek is daarna uitgebrei ten opsigte van die respondente se reaksie op ekstrinsieke veranderinge op Kerklike gebied, aangesien hierdie 'n studie in die vakgebied Teologie is.


Die bevindings vir die drie terreine word in die volgende drie diagramme weergegee.

**Diagram 7.1 Weerstand teen politieke verandering**



In diagram 7.1 (op vorige bladsy) word die verwerkte data van die reaksie op ekstrinsieke politieke verandering weergegee en in diagram 7.2 (hieronder) word die respons op die ekstrinsieke ekonomiese verandering grafies voorgestel. In diagram 7.3 (p. 240) word lidmate se weerstand teen ekstrinsieke verandering op Kerklike gebied gemeet (en moet hier in gedagte gehou word dat hierdie slegs die reaksie van die lidmate van een gemeente weerspieël). Hoewel daar moontlik tóg iewers bepaalde gemiddeldes oor weerstand teen ekstrinsieke verandering op Kerklike gebied mag bestaan, sal opvolgstudies in dié verband hul eie, pasgemaakte ondersoeke na spesifieke gemeentes moet loods. Dit bly dus 'n sinvolle onderneming om elke gemeente se unieke weerstandigheid teen ekstrinsieke verandering op Kerklike gebied te bepaal.


**Diagram 7.2 Weerstand teen ekonomiese verandering**




Wat weerstand teen ekstrinsieke ekonomiese verandering betref, verskil bostaande bevindinge ooglopend van dié vir diagram 7.1. Die feit dat nagenoeg 40% van die respondente aangedui het dat hulle matige en hoë weerstand teen ekstrinsieke verandering ervaar, hou

moontlik verband met die feit dat meer as 50% van hulle ouer as 50 jaar is – mense wat meer regstreeks deur ekonomiese veranderinge geraak word, aangesien hul pensioen saam met die ekonomie wissel.

**Diagram 7.3 Weerstand teen verandering op Kerklike gebied**




Die verbasend hoë persentasie van respondente wat blyk geensins teen ekstrinsieke Kerklike verandering gekant te wees nie, is inderdaad buitengewoon en verg nadere ondersoek. In 'n poging om hierdie persentasie in perspektief te sien, kan dit vergelyk word met gemiddelde persentasies wat statisties oor mense se ingesteldheid jeens ekstrinsieke verandering verkry is. Só wys Van der Spuy, *et al.* (2006: 91), en Niemandt (2007: 58) daarop dat daar statisties vasgestel is dat 16% van 'n groep as 'n reël onmiddellik vir ekstrinsieke verandering gereed is, dat 34% ekstrinsieke verandering ná verdere motivering sal aanvaar en dat nog 34% later by die ekstrinsieke verandering sal inkoop. Die oorblywende 16% van só 'n groep sal egter altyd teen enige voorgenome ekstrinsieke verandering gekant bly, ongeag die aanvoorwerk of voorbereidende stappe wat gedoen of geneem word. Wanneer laas-genoemde persentasie egter gestel word teenoor die persentasie lidmate wat hulself in die toetsgroep onbereid verklaar het om op Kerklike gebied te verander, d.w.s. 16% teenoor 4.3%, hou dit

goeie belofte in vir die premisse wat in die onderhawige studie omtrent die voorberei-dingswerk vir ekstrinsieke verandering aanvaar word, naamlik dat die wyse waarop ekstrinsieke verandering in 'n gemeente soos die GK Ontdekkers aangepak word, weerstandsvlakke aansienlik kan verlaag.

'n Belangrike afleiding wat moontlik van die voorgaande gegewens gemaak kan word, is dat die wyse waarop ekstrinsieke veranderinge die afgelope 14 jaar in die betrokke gemeente deurgevoer is (naamlik deursigtig en met behulp van goeie kommunikasie) grootliks daartoe bygedra het dat die gemeentelede so min weerstand teen ekstrinsieke Kerklike verandering ervaar. Die feit dat elke ekstrinsieke verandering Bybels begrond is, dat lidmate telkens hul menings vryelik kon lug en dat geen ekstrinsieke verandering bloot deur die kerkraad op die gemeente afgedwing is nie, het waarskynlik ook ruimskoots daartoe bygedra dat ekstrinsieke verandering grootliks sy angel vir hierdie lidmate verloor het.

Selfs nadat die noodsaak en Bybelse fundering van 'n voorgenome ekstrinsieke verandering die kerkraad en lidmate op die hart gedruk is, is albei groeperings steeds gulde geleentheid gebied om vrae te vra en insette te lewer. Gemelde lewer van insette het die uitspreek van vrese, voorstelle vir en kommentaar op die voorgenome ekstrinsieke verandering behels. Op dié manier kon elke lidmaat van die proses van ekstrinsieke verandering deel voel en, in sommige gevalle, selfs tot die ekstrinsieke veranderinge bydra. By goedkeuring van die voorgenome ekstrinsieke verandering is dit steeds nie met buitensporige haas deurgevoer nie, en het dit enigiets tussen ses en 30 maande geneem om 'n bepaalde ekstrinsieke verandering volledig uit te rol. Hierdie waarnemings het bygedra tot die besluit om 'n studie te onderneem en só te probeer vasstel of gemeentebou as instrument ingespan kan word om lidmate op en vir tye van ekstrinsieke verandering voor te berei en toe te rus, sodat hulle ekstrinsieke verandering reg kan hanteer.

'n Aspek wat wel duidelik uit respondente se reaksie blyk, is dat ekstrinsieke verandering hulle inderdaad uit hul gemaksone ruk. Só het 55.4% saamgestem en 29.5% beslis saamgestem dat ekstrinsieke verandering mense se gemaksone bedreig, met slegs 15.1% wat ekstrinsieke verandering nie as 'n bedreiging beskou het nie. Verder moet daar in ag geneem word dat weerstand teen ekstrinsieke verandering soms ook verband hou met mense se gevoel dat as iets tóg goed werk, dit nie nodig is om daaraan te peuter nie, soos 50.5% van die respondente tereg laat blyk het.

'n Baie klein persentasie respondente, naamlik 5% (wat ooreenstem met die persentasie respondente wat sterk weerstand teen ekstrinsieke verandering op Kerklike gebied uitgespreek het – sien diagram 7.3 op bladsy 241), stem beslis saam dat ekstrinsieke verandering bloot 'n modegier is. Verder is 5.8% van die respondente dit beslis eens dat ekstrinsieke veranderinge slegs aangebring word omdat die predikant dit verwag, terwyl 4.3% die mening toegedaan is dat baie van die ekstrinsieke veranderinge wat in die Ontdekkers-gemeente aangebring word, bloot te wyte is daaraan dat die gemeente "in pas" wil wees met ander gemeentes in die omtrek.

Lidmate van die Ontdekkers-gemeente is onder meer by wyse van preke uit Romeine 12:1-2 en Efesiërs 4 toegerus rondom ekstrinsieke verandering en die noodsaak daarvan dat Christene daagliks vernuwende denke (intrinsieke verandering – PF) aan die dag sal lê. Gemeentelede is ook herhaaldelik gemaan om seker te maak dat sulke "nuwe" denke steeds die toets van die Skrif deurstaan.

Benewens die feit dat lidmate deur middel van preke vanuit vermelde teksverse toegerus is, is daar tydens die gemeentebouproses waar ekstrinsieke veranderinge ter sprake gekom het, soos volg te werk gegaan (sake wat aansluit by toerusting uit Romeine 12 en Efesiërs 4): wanneer versoeke om bestaande gebruike te verander na vore gekom het (hetsy dit deur lede van die kerkraad of ander lidmate geïnisieer is), is 'n lang en tydsame proses gevolg. Die saak is deeglik tydens kerkraadsvergaderings bespreek en oordink en daar is seker gemaak

dat die beplande ekstrinsieke verandering Bybels begrond was en vir die gemeente sinvol en voordelig sou wees. Só is die kerkraadslede toegerus en begelei om te verstaan waaroor die ekstrinsieke verandering gaan en daar is daarna gestreef om elke kerkraadslid geborge te laat voel en van die Bybelse begronding vir die moontlike verandering te oortuig. Dit sou ook soos volg gestel kon word: in die proses is kerkraadslede gehelp om hul denke oor bepaalde sake te vernuwe. Aspekte wat nadere ondersoek verg, is ook vir verdere studie en diepte-navorsing na *ad hoc*-komitees verwys, waarna hierdie komitees se bevindinge aan die kerkraadslede deurgegee is.

Van die vernaamste aspekte waarmee daar tydens die proses van ekstrinsieke verandering geworstel is, was om onderskeid te tref tussen dít wat bloot gevestigde tradisies was en dít wat beginselsake verteenwoordig. Hier is baiemaal blootgelê presies hóé moeilik dit soms vir kerkraadslede en lidmate is om uit die gemaksone los te kom waarin hulle oor jare heen vasgeval het. Die les wat hieruit te leer is, is dat die vernuwing van denke (intrinsieke verandering) nie altyd maklik is nie!

Terwyl die saak tydens kerkraadsvergaderings hanteer is (en dit het feitlik deurgaans oor 'n paar vergaderings heen gestrek, tot selfs vir so lank as twee jaar, die langste tydperk waartydens daar oor 'n saak besin is), is die res van die gemeente oor die saak en verloop daarvan op die hoogte gehou. Dít is gedoen by wyse van inligting wat saam met gemeente-nuus (wat elke Sondag in die vorm van 'n gemeenteblad bekend gemaak is) versprei is, asook tydens afkondigings. Lidmate is genooi om self ook insette te lewer, en in gevalle waar hulle probleme sou hê met dít wat bespreek is of met voorgenome ekstrinsieke veranderinge, is hulle genooi om dit met die kerkraadslede te kom bespreek. Daar is telkens moeite gedoen om lidmate wat probleme met voorgenome ekstrinsieke veranderings ervaar het of wat weerstand daarteen openbaar het, tydens huisbesoeke aan te hoor en verder in te lig. Op dié wyse is gepoog om hulle daartoe te begelei om wél hul denke te vernuwe en só intrinsiek te verander.

Wanneer die kerkraad as geheel eenstemmig was en dit dus nie nodig was om oor 'n saak waarin ekstrinsieke verandering ter sprake was, te stem nie, is 'n beginselbesluit geneem. Hierdie besluit is dan nogmaals vir verdere kommentaar en/of insette aan die gemeente as geheel voorgelê. Die gemeente is dan vir 'n tydperk van drie weke die geleentheid gegun om daaroor navraag te doen, dit te oordink en daarop kommentaar te lewer. Indien geen verdere kommentaar, hetsy positief of negatief, ontvang is nie, het die kerkraad die voorgenome verandering as 'n gemeentebesluit aanvaar en ingestel en is die implementeringsdatum vir die verandering aan die gemeente voorgelê. Die implementering van die verandering is hierna van stapel gestuur, in weerwil van die persentasie lidmate wat steeds teen sodanige verandering gekant was, met die gevolg dat dit daarom tóg as 'n vorm van dwingelandy beskou kan word.

Dit kan ter inligting hier gemeld word dat daar tydens sulke prosesse nie alleen met persone wat weerstand getoon het, gesprek gevoer is nie. Lidmate wat vinnig die ekstrinsieke veranderinge wou deurvoer en daarvoor gereed was, moes tot begrip vir die ander lidmate (wat nog nie gereed was nie – PF) aangemoedig word. Sommige lidmate het inderwaarheid soms weer opstandig en weerstandig geraak, juis omdat die pas van die veranderingsproses so traag was.

Op die keper beskou, is dit waarskynlik aan dié omsigtige werkwyse te danke dat slegs 4.3% van die respondente in die betrokke gemeente teen ekstrinsieke verandering weerstand bied, terwyl 95.3% se weerstand nie baie sterk gevoel word nie. Hier moet egter in gedagte gehou word dat die aanvaarding van ekstrinsieke veranderinge tog wel in 'n mate op intrinsieke verandering appèl gemaak het, hoewel dit dalk net vernuwing van denke impliseer het. Aspekte wat waarskynlik meegewerk het om die weerstand teen ekstrinsieke verandering in die Gereformeerde Kerk Ontdekkers-gemeente so laag te kry soos hierbo uiteengesit, verleen nóg groter dringendheid daaraan om met behulp van die onderhawige studie te

bepaal of gemeentebou as instrument sal deug ten einde lidmate vir ekstrinsieke verandering toe te rus.

Daar sal egter in gedagte gehou moet word dat, ongeag die lae persentasie weerstandige lidmate wat deur hierdie studie se respondente-reaksie blootgelê is, weerstand teen ekstrinsieke verandering nooit onderskat durf word nie, soos tereg in afdeling 4.5 van die basis-teorie en in afdeling 6.2.7 van die metateorie uitgewys is. Daar is ook getoon dat die agente vir ekstrinsieke verandering nie alleen die moontlikheid op weerstand in ag moet neem nie, maar dat hulle dit immer te wagte moet wees. Nie al die mense wat 'n ekstrinsieke verandering moet maak, gaan altyd op dieselfde gereedheidsvlak wees om dit te doen nie (vergelyk weer die ondersoek wat weergegee is in 3.5.1 tot 3.5.6), wat weer sal verg dat diesulkes met deernis en geduld tot groter aanvaar-ding van die voorgenome ekstrinsieke verandering begelei moet word.

Weerstand teen ekstrinsieke verandering (wat, om dit net weer te onderstreep, tog ook met vernuwing van gedagte – intrinsieke verandering – te make het) onder 'n klein segment van 'n kerk mag egter nie daartoe lei dat noodsaaklike, Bybel-gefundeerde verandering (hetsy intrinsiek of ekstrinsiek – PF) nie voorrang geniet nie. Hierdie noodsaak tot ekstrinsieke verandering sal ook by die daarstel van 'n moontlike program ter fasilitering van die veranderingsproses verdiskonteer moet word. Daarmee saam behoort daar immer in gedagte gehou te word dat, soos Burger (2007: 76) dit stel, daar bes moontlik verskuilde voordele in sulke weerstandigheid opgesluit lê, wat tot voordeel van die veranderingsproses benut kan en moet word.

### 7.6.4 Toerusting met die oog op verandering

Die hoofdoel van die studie is om te bepaal óf, en indien wel, hóé gemeentebou kan bydra om lidmate toe te rus vir die ekstrinsieke veranderinge (wat waarskynlik vernuwing van gedagte of denke (intrinsieke verandering) kan insluit) waaraan hulle blootgestel mag word. Soos reeds vasgestel, het ekstrinsieke verandering wél 'n impak op lidmate (7.6.2) en ervaar hulle wél weerstand daarteen (7.6.3). Dié

gegewens dui dus reeds daarop dat 'n mate van voorbereiding op ekstrinsieke verandering waarskynlik in die meeste gevalle nodig sal wees.

Die vraelys is ook só opgestel dat daar bepaal kan word in welke mate lidmate meen dat toerusting met die oog op ekstrinsieke verandering wel nodig is. In die breë gesien, kan gestel word dat 91.4% van die respondente aangedui het dat toerusting met die oog op sodanige verandering wel nodig is. Die betroubaarheid van dié datavaslegging word ook hoog aangeslaan, soos in diagram 7.1 weergegee.

Wat betref die vraag of respondente meen dat hulle na behore op en oor ekstrinsieke veranderinge in die Gereformeerde Kerk Ontdekkers-gemeente voorberei en ingelig word, het slegs 4.3% (hierdie respons vertoon 'n korrelasie met die weerstand teen ekstrinsieke verandering soos uitgewys in 7.3.3) aangetoon dat hulle glad nie voorberei of ingelig word nie, teenoor 34.5% wat aangedui het dat hulle wél na behore ingelig en voorberei word. 'n Persentasie van 40.3% respondente het aangedui dat hulle in 'n mate voorberei en ingelig word, terwyl 18% van die respondente die mening toegedaan was dat hulle slegs in 'n mindere mate voorberei en ingelig word. Die resultate van hierdie opname het dus 'n duidelike behoefte aan die toerusting vir, die voorbereiding op en die bestuur van die veranderingsproses blootgelê.

Aansluitend hierby is slegs 1.4% van die respondente van mening dat ekstrinsieke veranderinge in die gemelde gemeente nie behoorlik bestuur word nie, met 20.1% wat die situasie gedeeltelik as sulks ervaar. Die res van die respondente, naamlik 75.9%, meen dat ekstrinsieke veranderinge wél na behore bestuur word. Dit is beslis insiggewend en mag moontlik daarop dui dat die mate waarin gemeentebou as instrument gedien het om mense op ekstrinsieke verandering voor te berei, soos dit in die Gereformeerde Kerk Ontdekkers hanteer is, tóg wel 'n bepaalde impak gehad het. 'n Mens mag moontlik selfs die afleiding maak dat hierdie resultate nogmaals 'n aanduiding vanuit die empiriese studie is dat waar gemeentebou

rekening hou met die toerusting van lidmate om verandering (hier handel dit meer in besonder oor ekstrinsieke verandering – PF) reg te verstaan en hanteer, dit lidmate doeltreffend kan voorberei en gerus kan stel, selfs wanneer hulle deur ingrypende verandering (hier word sowel intrinsieke as ekstrinsieke verandering bedoel – PF) in die gesig gestaar word.

Wat die bestuur van weerstand teen ekstrinsieke verandering onder lidmate betref, word respondente se menings in onderstaande tabel 7.3 weergegee. Die bestuur van weerstand is iets wat deur die kerkraad en kerkleiers, maar ook deur die lidmate onderling, hanteer moet word.

**Tabel 7.3 Bestuur van weerstand teen verandering**


| Reaksie | Aantal respondente | Persentasie |
|---|---|---|
| Glad nie | 5 | 3.6 |
| In 'n mindere mate | 38 | 27.3 |
| In 'n mate | 68 | 48.9 |
| In 'n hoë mate | 23 | 16.5 |

Uit bostaande kan afgelei word dat weerstand teen ekstrinsieke verandering in die Gereformeerde Kerk Ontdekkers in 'n mate goed bestuur word, maar dat dit nóg beter gedoen behoort te word. Dit dui daarop dat toerusting rondom ekstrinsieke verandering inderdaad belangrik is en die regte aandag moet geniet. Hierdie respons stem ooreen met dít wat hierbo uitgewys is ten opsigte van hoe gemeentebou reeds in 'n mate suksesvol in die Gereformeerde Kerk Ontdekkers aangewend is om lidmate ten opsigte van ekstrinsieke verandering en die hantering daarvan voor te berei.

Die regstreekse vraag of respondente deeglike toerusting met die oog op ekstrinsieke veranderinge vereis, is op die volgende wyse beantwoord: 2.2% van die respondente beskou toerusting as geensins belangrik nie, 24.5% van die respondente dui aan dat dit vir hulle redelik belangrik is, 42.4% ag dit as belangrik en 16.5% beskou toerusting in dié verband as uiters belangrik. Hieruit blyk dit dan dat

91.4% van die respondente toerusting ten opsigte van ekstrinsieke verandering tóg wel, hetsy in mindere of meerdere mate, as belangrik beskou. Samehangend hiermee is die vraag of respondente deeglik toegerus wíl word om ekstrinsieke verandering te kan hanteer, waarop die respondente reageer soos grafies in diagram 7.4 hieronder uitgebeeld word.

**Diagram 7.4 Toerusting om verandering te kan hanteer**





Hierdie resultate bevestig nogmaals dat die noodsaak om lidmate op ekstrinsieke verandering voor te berei, nie onderskat durf word nie. Trouens, hierdie bevinding bevestig wat met die studie beoog word, naamlik om te bewys dat gemeentebou bes moontlik as instrument ingespan kan word om lidmate toe te rus om ekstrinsieke verandering reg te kan hanteer en bestuur.

Verder is ook gefokus op die eise wat ekstrinsieke verandering mag meebring en hoe respondente daarop voorberei wil word. Die reaksie op dié vraag word grafies aan die hand van diagram 7.5 voorgestel (sien bo aan p. 249). Dit kan net hier vermeld word dat hoewel twee van die respondente nie die vraag ingevul het nie, die oorwig van respondente aangedui het dat hulle deeglike toerusting op ekstrinsieke verandering verkies, en dat hulle dit sal verkies indien die eise wat 'n bepaalde ekstrinsieke verandering mag meebring, behoorlik aan hulle uitgewys en gekommunikeer word. In die geheel gesien, het 96.4% van die respondente aangedui dat hulle ingelig wil word oor die eise

wat 'n ekstrinsieke verandering moontlik mag meebring. Om inligting deur te gee, kan derhalwe reeds beskou word as deel van die toerustings-proses om ekstrinsieke veranderinge in 'n kerk of gemeente te kan bewerkstellig.

**Diagram 7.5 Voorbereiding op eise wat verandering mag meebring**




Respondente het aangedui dat toerusting wel as 'n belangrike komponent ter voorbereiding op die veranderingsproses beskou moet word. Dit het veral na vore gekom uit inligting dat ekstrinsieke verandering die gemeente of die Kerk steeds sinvol "sout" vir en "lig" in die wêreld moet laat wees, asook dat die Kerk ondanks ekstrinsieke verandering steeds 'n invloed op die snelveranderende wêreld moet uitoefen. Wat die vraag rondom "sout" en "lig" wees betref, word die reaksie in tabel 7.4 bo-aan bladsy 250 weerspieël, terwyl die data rondom die invloed op 'n snelveranderende wêreld in tabel 7.5 (op bladsy 250) weergegee word.

**Tabel 7.4 Sout vir en lig in die wêreld wees**

| Reaksie | Aantal respondente | Persentasie |
|---|---|---|
| Glad nie belangrik nie | 1 | .7 |
| Redelik belangrik | 3 | 2.2 |
| Belangrik | 47 | 33.8 |
| Uiters belangrik | 84 | 60.4 |
| Geen respons nie | 4 | 2.9 |

**Tabel 7.5 Invloed op veranderende wêreld**

| Reaksie | Aantal respondente | Persentasie |
|---|---|---|
| Glad nie belangrik nie | 2 | 1.4 |
| Redelik belangrik | 12 | 8.6 |
| Belangrik | 50 | 36.0 |
| Uiters belangrik | 73 | 52.5 |
| Geen respons nie | 2 | 1.4 |

Bostaande resultate verteenwoordig 'n klinkklare aanduiding daarvan dat toerusting met die oog op ekstrinsieke verandering wél nodig is. Lidmate wat deur hierdie veranderinge geraak gaan word, moet tydens én na afloop van die proses steeds die opdrag om "sout" en "lig" te wees, soos in Matteus 5:13-16 verwoord, kan uitleef en nakom, asook 'n sinvolle bydrae bly lewer in 'n wêreld wat deurentyd aan die verander is.

Hierdie bevindinge kan as betroubaar beskou word wat betref die vraag of toerusting met die oog op ekstrinsieke verandering noodsaaklik is al dan nie. Gesien in die lig van die feit dat daar met die basis-teoretiese studie rondom Romeine 12:2 en Efesiërs 4:23 in hoofstuk 2 van hierdie studie aangedui is dat daar van gelowiges verwag word om voortdurend te verander (hier word intrinsieke verandering wat neerslag vind in persoonlik ekstrinsieke verandering, bedoel – PF) en hulself na hul denke te vernuwe, is dit dan ook gepas om dit nie maar net te vereis nie, maar lidmate liewer in en vir dié en ander vernuwings te begelei en toe te rus. Die uiteindelike doel met

hierdie begeleiding en toerusting moet dan ook wees om lidmate dermate te inspireer dat hulle hul gesindheid jeens vernuwing só sal aanpas dat hulle God se opdrag in dié twee teksverse sal begin gehoorsaam.

Die data wat hier weergegee is, sluit aan by die bevindings wat in die metateorie gemaak en in afdeling 6.2.3 uitgewys is, wat oor voorbereiding met die oog op ekstrinsieke veranderinge handel, en in afdeling 6.2.6, waar daar gefokus word op moontlike redes waarom ekstrinsieke verandering soms gekompliseerd kan wees. Vanuit die basis-teorie is in afdeling 4.2 aangedui dat daar met omsigtigheid te werk gegaan moet word wanneer dit op verandering aankom. Waar reeds aangedui is dat noodsaak tot verandering nie gering geskat mag word nie, kan die omsigtigheid waarna sopas verwys is, hanteer word as dat daar met begrip vir mense wat stadiger ontdooi in veranderingsprosesse, getoon moet word. Hulle moet daadwerklik begelei en voorberei word as deel van die toerusting vir die beplande veranderings.

Voorts is daar aan die hand van verskeie programme wat vir prosesse van verandering (sien 4.4) voorgestel is, bewys hoe noodsaaklik toerusting met die oog op verandering (in hoofsaak word ekstrinsieke verandering bedoel - PF) is. Dan is daar vervolgens ook melding gemaak van verskillende fases wat by so 'n toerustingsproses onderskei kan word, te wete **ontvriesing, motivering** en die **skep van 'n veranderingsingesteldheid**.

Die waarde wat die toerustingsproses ter fasilitering van enige ekstrinsieke verandering of vernuwing kan toevoeg, mag dus nie onderskat word nie. Dit het veral geblyk uit respondente se reaksie op vrae in dié verband, en sluit aan by dít wat in die basis-teorie onder afdeling 4.2 en in die metateorie onder afdeling 6.2.3 omtrent die omsigtigheid en voorbereiding uitgewys is waarmee die veranderingsproses aangepak behoort te word. Slegs uiters lae persentasies van respondente het neutraal gestaan teenoor toerusting met die oog op ekstrinsieke verandering.

### 7.6.5 Bybelse begronding van verandering

Dit word hier vooraf gestel dat elke keer waar onder hierdie punt na verandering verwys word, ekstrinsieke verandering bedoel word. Die vertrekpunt is immers dat intrinsieke verandering in lyn met die Skrif sal wees soos hierdie studie in hoofstuk 2 aangedui het. Waar 'n ander betekenis vir verandering in die onderafdeling voorkom as ekstrinsieke verandering, sal dit so aangedui word.


Vanuit die basis-teorie het dit geblyk dat verandering in die Kerk Bybels begrond móét wees (vergelyk punt 4.2, wat handel oor die omsigtigheid waarmee verandering in die Kerk aangepak moet word). Een van die oogmerke van die onderhawige studie was dan ook om aan die hand van 'n stel vrae in die vraelys te bepaal of lidmate sodanige Bybelse begronding steeds as essensieel beskou. Daar sal vervolgens op enkele van dié belangrike bevindings gelet word.

In die breë gesien, dui 88.5% van die respondente aan dat hulle steeds van mening is dat verandering in die Kerk Bybels begrond moet wees. 'n Hoë betroubaarheidsfrekwensie van .842, soos in tabel 7.1 aangedui, is verkry vir data wat aan die hand van dié vraag ingewin is.

Die respons op hierdie vraag toon dus duidelik aan dat slegs 'n lae persentasie van die respondente Bybelse begronding nie as vereiste stel waar veranderinge op Kerklike gebied ter sprake is nie. Die respons onderstreep ook nogmaals watter belangrike rol toerusting by die fasilitering van die veranderingsproses te speel het, asook dat lidmate gesterk moet word in hul oortuiging dat geen verandering op Kerklike gebied bloot ter wille van verandering mag plaasvind nie, maar dat elke sodanige verandering Bybels begrond móét wees.

Wat betref die vraag of énige verandering aanvaarbaar is mits dit op Bybelse beginsels begrond kan word, word respondente se reaksie in diagram 7.6, wat op die volgende bladsy verskyn, weergegee. Hierdie word as 'n belangrike aspek in die aanpak en bestuur van verandering gesien.

**Diagram 7.6 Bybelse begronding van verandering**




Wanneer die gegewens in diagram 7.6 saamgevat word, word dit duidelik dat 12.3% van die respondente nié die Bybelse begronding van alle veranderings op Kerklike gebied as belangrik beskou nie, terwyl 88.7% dit wél noodsaaklik ag. Hierdie bevinding korreleer met dít wat in die basis-teorie onder afdeling 4.2 en 4.3 ten opsigte van Bybelse begronding van veranderinge op Kerklike gebied bevind is. Dit is ook belangrik om in dié verband daarop te let dat verskeie teoloë ook Bybelse begronding as voorvereiste stel vir enige verandering wat op Kerklike gebied in die vooruitsig gestel word.

Een van die gevare daaraan verbonde om verandering op Kerklike gebied nié op die Skrif te baseer nie, is dat die Bybel sy soewereine gesag in lidmate se lewens sal verloor. Só 'n houding staan reëlreg teenoor dié beskouing dat die Bybel die belangrikste "handboek" vir elke gelowige se lewe is, asook die enigste betroubare padkaart na die wêreld. 'n Verdere gevaar sou behels dat die Bybel as vanselfsprekend aanvaar word indien verandering op Kerklike gebied nie op die Skrif begrond word nie. Respondente se reaksie op laasgenoemde stelling, naamlik dat die Bybel moontlik as net te vanselfsprekend aanvaar sou word indien verandering op Kerklike gebied nie Bybels begrond word

nie, word in tabel 7.6 hieronder weergegee, en spreek inderdaad van hul oortuiging dat só 'n ontkenning van die Skrif 'n wesenlike gevaar inhou:

**Tabel 7.6 Bybel as vanselfsprekend beskou**

| Reaksie | Aantal respondente | Persentasie |
|---|---|---|
| Glad nie waar nie | 12 | 8.6 |
| In 'n mate waar | 36 | 25.9 |
| Waarskynlik waar | 45 | 32.4 |
| Beslis waar | 44 | 31.7 |
| Geen respons nie | 2 | 1.4 |

Dit is hier opmerklik dat 'n beduidende aantal respondente, te wete 64.1%, dit wél as 'n wesenlike gevaar beskou, sou die soewereiniteit van die Bybel by onskriftuurlike veranderinge op Kerklike gebied aangetas word of verlore gaan. Hierteenoor staan 'n skamele 1.4% respondente, vir wie dit geen bedreiging inhou nie.


Hierdie resultate korreleer met die wyse waarop respondente die hantering van tradisies ervaar, en dan veral in die lig van die feit dat tradisies soms as Bybelse "beginsels" in stand gehou word. Op die stelling dat tradisies soms as Bybelse beginsels beskou word en daarom ook vir Bybel-gefundeerde verandering op Kerklike gebied 'n struikelblok kan verteenwoordig, het die respondente soos volg gereageer: 5.8% het die stelling as heeltemal onwaar beskou, 30.9% het gemeen dat daar 'n mate van waarheid in die stelling steek, terwyl 26.6% die stelling as waar en 36% dit as beslis waar uitgewys het. Meer as 60% van die respondente sien dus die gevaar raak wanneer tradisies as Bybelse "beginsels" gehuldig word, asook die moontlikheid dat só 'n tradisie 'n struikelblok op weg na sinvolle verandering kan wees.

Die teksgedeeltes wat vir die basis-teorie gebruik is, is ook in die vraelys van toepassing gemaak ten einde by respondente vas te stel of verandering nie tóg noodsaaklik is om Bybelse opdragte na te kom nie (opdragte soos dié in Romeine 12:2 en Efesiërs 4:23 vervat, en wat grootliks in hoofstuk 2 van hierdie studie bestudeer is). Die respondente

se reaksie op dié vraag word in diagram 7.7 (verderaan op die bladsy) gemeet. Dit kan hier by herhaling genoem word dat slegs die twee gemelde teksverse in hierdie ondersoek gebruik is, maar dat dit geensins beteken dat daar nie ander gedeeltes in die Bybel is wat dieselfde saak aanspreek nie. Daar sal egter, wat die Bybelse oproep tot vernuwing en verandering betref, in hierdie ondersoek slegs op dié twee verse gefokus word.

Wat hier na vore kom, sluit aan by dít wat in die basis-teorie gestel is, naamlik dat *μεταμορφουσθε* 'n deurlopende proses in 'n gelowige se lewe behoort te wees (vergelyk 2.4.2). Dit dui verder daarop dat verandering nie agterweë gelaat mag word uit vrees dat dit lidmate uit hul gemaksone sal lig nie, want dit mag dalk juis nodig wees om hulle weer tot volle diens in God se Koninkryk aan te spoor.

**Diagram 7.7 Verandering nodig om Bybelse opdragte na te kom**




Wat betref die aspek van willekeurige verandering moes respondente reageer op die stelling dat daar by hulle vrees sou bestaan dat willekeurige veranderinge tot geestelike verval kan lei. Die reaksie op dié stelling was uiters interessant, aangesien slegs 12.2% van die respondente dit as beslis waar aangegee het, terwyl 32.4% dit as heeltemal onwaar beskou het. Die twee ander groepe in die middel word opgemaak deur 31.7% van respondente aan die een kant, vir wie

dit 'n mate van waarheid ingehou het, en 23.7% van respondente aan die ander kant, wat dit as waar beskou het. Wanneer hierdie resultate vergelyk word met die ander data wat as deel van Bybelse begronding verwerk is, wil dit voorkom asof nie al die respondente die vraag oor willekeurige versus Bybel-begronde verandering reg verstaan het nie. Dit sou dus raadsaam wees om nie te veel in dié data te lees nie.

Daar kan egter met redelike sekerheid gestel word dat Bybelse begronding tydens die veranderingsproses deur die meeste van die respondente as 'n belangrike aspek beskou word. Dit word ook in die basis-teorie as voorvereiste aangedui en sal derhalwe ook vervat moet word in die program wat aan die hand van hierdie studie vir die veranderingsproses op Kerklike gebied opgestel gaan word.

### 7.6.6 Onsekerheid as gevolg van verandering

***Nota vooraf:*** *waar onder hierdie afdeling na verandering verwys word, word ekstrinsieke verandering bedoel. As met verandering iets anders bedoel word, sal dit duidelik aangedui word.*

Gesien in die lig van die feit dat weerstand teen verandering by mense 'n gegewe is (soos in afdeling 7.6.3 uitgewys) en daar bepaal is dat verandering op Kerklike gebied sommige lidmate uit hul gemaksone lig, kan die vraag tereg gevra word of daar nie dalk tóg onsekerheid en/of onrustigheid rondom verandering by lidmate leef nie. Dít veral in 'n gemeente soos die Gereformeerde Kerk Ontdekkers, waar verskeie veranderinge in die loop van 14 jaar ingevoer is. Gevolglik sal dié vrae onder die loep geneem word wat ter bevestiging van hierdie aspek van onrustigheid oor verandering by die vraelys ingebou is.

Wanneer die saak rondom onsekerheid of ongemak rondom veral ekstrinsieke verandering hier ondersoek gaan word, moet daarin nie gelees word dat ongemak wat lidmate mag beleef rondom sodanige veranderinge, 'n veranderingsproses mag stuit of verhinder nie. Dit behoort verder nie gesien word as 'n absolute vereiste dat lidmate gemaklik moet wees vir doeleindes van veranderingsprosesse nie. Dit is uitgewys by onder andere Moses (vergelyk 3.5.2 in hoofstuk 2) en Jona (vergelyk 3.5.3) dat al was hulle ongemaklik, die Here tog


volhard het met sy plan om hulle in sy diens te gebruik ondanks groot veranderings (intrinsiek sowel as ekstrinsiek) waarvoor hulle te staan gekom het. Verder is besluite rondom ekstrinsieke veranderinge in Ontdekkers geneem ondanks die feit dat nie alle lidmate noodwendig daarmee gemaklik was nie.

Tog kan dit nie nadelig wees om wel lidmate eers te help om wel gemaklik te raak rondom en met die gedagte van verandering nie. Dit kan net meewerk dat dwarstrekkery, skeuring en dies meer voorkom kan word. Daarby sou die gedagte van ontvriesing wat Nel en die motivering wat Te Velde voorhou in hulle modelle (vergelyk 4.4 van hoofstuk 4 van hierdie studie) vir die veranderingsproses sekerlik ook verstaan kan word as middele om mense rustig en gemaklik te stem rondom die veranderingsproses. Laat dit nogtans duidelik word: gemaklikheid van lidmate mag nie as 'n absolute gesien of verstaan word voordat noodsaaklike intrinsieke sowel as ekstrinsieke veranderinge wel verwag of aangepak word nie.

Daarby moet wat hier weergegee word gesien word as verdere motivering waarom toerus van lidmate met die oog op veral ekstrinsieke veranderinge waarskynlik 'n belangrike rol te speel het.

Rondom die stelling of die respondente ongemaklik voel ná al die onlangse ekstrinsieke veranderinge, het die volgende aan die lig gekom (sien diagram 7.8 op volgende bladsy). Die gronde vir enige ongemak is egter nie in die studie nagevors nie en was ook nie die primêre doel van die studie nie. Sou ongemak of onsekerheid dus aangetoon word, sou dit iets wees wat ter voorbereiding op en in toerusting vir veranderinge in 'n gemeente of kerk aandag moet geniet. Die veronderstelling is dat ongemak tydens 'n veranderingsproses en daarna danksy deeglike voorbereiding en toerusting teëgewerk of selfs uitgeskakel kan word. Die doel met enige veranderingsproses is immers om te verbeter en met verbetering is die gedagte nie om lidmate in die proses te verloor nie, maar soveel moontlik te behou. Deur ongemak sover moontlik te voorkom, kan juis in die opsig geslaag word.


**Diagram 7.8 Ongemak ná veranderinge**




Die feit dat slegs 'n klein persentasie respondente ondanks al die veranderinge in die Ontdekkers-gemeente ongemak ervaar of onrustig voel, dui moontlik daarop dat die proses wat vir die veranderinge gevolg is, asook die mate waarin gemeentebou ingespan is om lidmate op sulke veranderings voor te berei, in 'n hoë mate geslaagd was.

In aansluiting by die vraag oor ongemak lê die vraag oor vrees vir die onbekende. Wat dié vraag betref, het respondente soos volg gereageer (sien diagram 7.9 oor die saak op volgende bladsy). Dit kan gerus hier herhaal word dat Burns (1996), soos aangehaal deur Paton en McCalman (2001: 36), gestel het dat leiers 'n deurslaggewende rol te speel het in die wyse waarop die veranderingsproses gaan ontvou. Só kan leiers byvoorbeeld onnodige vrees vir verandering ontlok deur die proses nie reg te lei en te bestuur nie. Leiers se onvermoë (en daarmee saam hulle vrees vir of weerstand teen verandering – PF) om sélf te verander, kan ook so 'n vrees vir vernuwing by hul volgelinge ontlok.

**Diagram 7.9 Vrees vir die onbekende**




Dit blyk uit hierdie grafiek dat vrees vir die onbekende geen rol speel by 'n groot persentasie respondente wanneer dit op verandering aankom nie. Só berig 77% dat die onbekende geen vrees by hulle inboesem nie, terwyl 22.3% wél die onbekende vrees, met die gevolg dat hulle onrustig voel wanneer verandering ter sprake kom. Ten spyte van dié relatief klein persentasie by wie vrees voorkom, moet sulke onrustigheid steeds in die aanloop tot en tydens die proses van verandering besweer word. Daar kan uit genoemde resultate oor vrees vir die onbekende afgelei word dat veranderinge in die Ontdekkers-gemeente sodanig bestuur en hanteer is dat dit lidmate se vrees vir die onbekende grootliks hokgeslaan het.

Die feit dat 'n voorgenome verandering op Kerklike gebied skriftuurlik begrond word, kan natuurlik grootliks daartoe bydra om lidmate se vrees vir die onbekende te besweer, veral aangesien die Bybel juis 'n gelowige se enigste anker in 'n uiters onstabiele wêreld is. Buiten vir die nodige erkenning aan die Bybel se soewereiniteit op Kerklike gebied, verteenwoordig hierdie insig nóg 'n baie goeie rede waarom elke voorgenome verandering op Kerklike gebied skriftuurlik begrond moet wees. Lidmate moet dus vanuit die Skrif oortuig word dat die voorgenome verandering noodsaaklik is en binne God se Wil plaasvind,

wat gou aan al die onsekeres onder hulle die nodige gemoedsrus sal verskaf.

Onrus en verandering aan die *status quo* hou in 'n mate met mekaar verband. Die vraag kan dus tereg gevra word waarom dit nodig is om die *status quo* te verander indien alles in 'n gemeente dan op die oog af reg verloop. Anders gestel: waarom onrus stook deur veranderinge aan te bring as dit volgens sekere lidmate “onnodig is”? Tabel 7.7 hieronder toon respondente se reaksie op dié netelige kwessie.

**Tabel 7.7 Verandering en die *status quo***

| Reaksie | Aantal respondente | Persentasie |
|---|---|---|
| Glad nie waar nie | 61 | 43.9 |
| In 'n mate waar | 45 | 32.4 |
| Waarskynlik waar | 20 | 14.4 |
| Beslis waar | 12 | 8.6 |
| Geen antwoord nie | 1 | .7 |

Ook hier is dit duidelik dat die hoë persentasie van 76.3% van die respondente geen of weinig onrus ervaar wanneer die *status quo* deur verandering geraak word nie. Tog moet daar rekening gehou word met die 23% van respondente wat wél ongemaklik voel wanneer die *status quo* ter voorbereiding op verandering bedreig word.

Wanneer verandering bloot as 'n verkwisting van tyd, geld en energie beskou word, kan dit sekerlik ook 'n mate van onrus en onsekerheid onder lidmate veroorsaak, met die gevolg dat ook dié sake by monde van die vraelys aangespreek is. Wat verandering as 'n blote verkwisting van geld betref, het slegs 4.3% van die respondente saamgestem, terwyl 66.2% verandering glad nie as geldmors beskou nie. Hierteenoor is die kwessie van verandering as blote geldverkwisting vir 10.8% van die respondente waarskynlik waar, terwyl dit vir 18.7% van die respondente slegs in 'n mate waar is. Daarmee saam sien 69.1% van die respondente verandering nie as 'n verkwisting van tyd en energie nie, terwyl 5.8% dit wél so beskou en 6.5% dit waarskynlik as 'n verkwisting van tyd en energie beskou. Die

oorblywende 18.7% sien dit bloot as in 'n mate waar dat verandering op Kerklike gebied 'n verkwisting van tyd en energie kan wees.


In die toerus van lidmate en waar 'n bepaalde program saamgestel word om gemeentebou as instrument vir verandering aan te bied, sal die saak van onrus en onsekerheid wat moontlik tydens die proses van verandering mag voorkom, of wat moontlik op verandering mag volg, in gedagte gehou moet word. Dit kan hier net vermeld word dat die data wat oor onrus of onsekerheid rakende verandering ingewin is, steeds 'n hoë betroubaarheidsyfer handhaaf, soos in tabel 7.1 aangetoon.

### 7.6.7 Noodsaak vir verandering

Die noodsaak vir verandering is in sowel die basis- (vergelyk 4.3) as die metateorie (vergelyk 6.2.2) van hierdie studie aangedui. Hierdie noodsaak raak al drie die aspekte van verandering wat met hierdie studie onder die soeklig gekom het, naamlik intrinsieke verandering, persoonlik ekstrinsieke verandering en ekstrinsieke verandering (vergelyk 1.8.4 van hoofstuk 1). Of dié noodsaak egter ook in die persepsie en oortuiging van lidmate bestaan, moes empiries vasgestel word. Gevolglik is die kwessie rondom die noodsaak vir verandering in die vorm van vrae in dié verband aangeraak, en word respondente se reaksie daarop vervolgens weergegee. Dit sal verder onder die afdeling duidelik word dat die vrae in hoofsaak oor ekstrinsiek verandering gehandel het. Daarom moet elke keer as daar na verandering verwys word onder hierdie punt, ekstrinsieke verandering daaronder verstaan word.

Wat die noodsaak vir verandering betref, is daar in die eerste plek aangesluit by dít wat in die basis-teorie ten opsigte van Romeine 12:2 en Efesiërs 4:23 na vore gekom het, naamlik dat verandering en vernuwing (hier word intrinsieke verandering bedoel – PF) van denke deel van elke gelowige se lewe behoort te wees. Oor die noodsaak vir verandering ten einde die opdragte te kan uitvoer wat in dié twee teksverse vervat word, was respondente se reaksie soos volg (sien diagram 7.10 bo-aan bladsy 262).

**Diagram 7.10 Noodsaak vir verandering ten einde Bybelse opdragte te kan gehoorsaam**




Uit hierdie data kom dit na vore dat die noodsaak vir intrinsieke verandering ten einde Bybelse opdragte beter te kan gehoorsaam, wel deeglik besef word, aangesien 78.4% van die respondente dit as belangrik en selfs uiters belangrik ag, terwyl slegs 4.3% van die respondente dit as glad nie belangrik beskou nie. Ondanks laasgenoemde resultaat bly dit egter belangrik dat lidmate die noodsaak van verandering sal besef en dat dit die nodige aandag sal geniet wanneer lidmate ook al op verandering (intrinsiek sowel as ekstrinsiek –PF) en die hantering daarvan toegerus wil word.

Wat betref die noodsaak vir verandering om jongmense vir die Kerk te behou, word respondente se reaksie in tabel 7.8 (sien volgende bladsy) weergegee. Dit moet egter hier beklemtoon word dat die studie nie ingaan op spesifieke redes waarom respondente hulle op 'n bepaalde wyse hieroor uitgespreek het nie. Verder is dit ook nie in verband gebring met die vraag of die veranderinge wel Bybels begrond moet wees al dan nie, aangesien hierdie en ander verwante kwessies in 'n afsonderlike diepte-studie aangespreek behoort te word. Hoewel dit sekerlik belangrik is om by die toerus van lidmate met die oog op verandering op 'n besondere wyse aan die jongmense van 'n gemeente aandag te gee, bestaan die gevaar tóg dat daar te

veel op dié groepering binne die gemeente gefokus word, terwyl die ander lidmate en hul sienings buite rekening gelaat word. Só 'n skeefgetrekte poging om lidmate vir verandering toe te rus, kan beslis ongemak onder die ander groeperinge in 'n gemeente veroorsaak.

**Tabel 7.8 Noodsaak van verandering om jongmense te behou**


| Reaksie | Aantal respondente | Persentasie |
|---|---|---|
| Glad nie belangrik nie | 5 | 3.6 |
| Redelik belangrik | 35 | 25.2 |
| Belangrik | 49 | 35.3 |
| Uiters belangrik | 48 | 34.5 |
| Geen antwoord nie | 2 | 1.4 |

Hierdie hoë persentasie wat aandui dat verandering nodig is om jongmense te behou, mag moontlik daarop dui dat respondente ongemak beleef dat talle jongmense die sogenaamde "tradisionele kerke" verlaat en by meer charismatiese kerke aansluit, of selfs kerk-los raak. Vóór veranderinge in die Gereformeerde Kerk Ontdekkers aangebring is, was dít 'n sterk tendens onder jonger lidmate van die gemeente. Dié tendens het egter sterk afgeneem die laaste aantal jare, hoewel daar maar steeds jonger lidmate was wat meer ingrypende veranderinge wou gesien het. Hierdie ingrypende veranderings, soos in gesprekke met die jongmense uitgesonder en tydens kategese-klasse geïdentifiseer, sluit onder meer in dat hulle radikale veranderinge sou wou sien wat betref die wyse waarop eredienste ingeklee word, dat hulle groter vryheid wou hê wat betref dít wat tydens eredienste gesing word en dat daar duideliker geleenthede vir uitreiking na die gemeenskap geskep moes word, sodat die Kerk meer sigbaar kan word in die wêreld. Hierdie versugtinge leef egter onder die jongmense sonder dat Bybelse begronding daarvoor aangebied, gesoek of as belangrik geag word.

'n Verdere saak wat aangespreek is, is die kwessie of die Kerk moet verander om dit vir nuwe bekeerlinge meer toeganklik te maak. Daarmee word verwys na persone wat pas tot geloof gekom het, asook persone wat dalk vroeër aan 'n kerk behoort het, maar om

watter rede ook al daarvan vervreem geraak het. Hier het 10.1% van die respondente aangedui dat dit glad nie belangrik is nie en 33.1% dat dit taamlik belangrik is. 'n Persentasie van 28.1% beskou dit as belangrik, terwyl 26.6% dit as uiters belangrik aangedui het. Presies hóé sodanige veranderinge behoort te geskied of wát dit moet behels, val egter nie binne die reikwydte van die onderhawige studie nie, maar sal wetenskaplik in verdere studies ondersoek moet word.

**Diagram 7.11 Noodsaak vir verandering om sinvolle bydrae tot samelewing te lewer**




'n Laaste aspek wat deur middel van die vraelys in die ondersoek na noodsaak tot verandering aangespreek is, is die noodsaak tot verandering sodat die gemeente (en daarmee saam elke lidmaat) steeds 'n betekenisvolle rol in die breër gemeenskap kan vervul. Dié bevindinge, soos deur respondente aangedui, lyk soos volg en word in diagram-vorm voorgestel (sien diagram 7.11 hierbo).

Slegs 7% van die respondente sien dit nie as belangrik nie, maar 'n gerusstellende 93% beskou dit wel as vanaf taamlik tot uiters belangrik. Die opdrag aan die Kerk is immers om in die wêreld tot diens van God en onder leiding van die Heilige Gees werksaam te wees. Gevolglik kan die Kerk nie bekostig om totaal vreemd te wees in die wêreld van die dag nie, maar moet dit wel aanpas, sonder om beginsels oorboord te gooi, sodat daar met groter vrug in die wêreld

gearbei kan word. Die Kerk moet immers ín die wêreld staan, en nie agterna drentel of vooruit hardloop nie.

In aansluiting by die basis- en metateorie het dit, soos reeds aangedui is, uit die empiriese studie duidelik geword dat die noodsaak vir verandering wel onder die respondente na vore gekom het en voorrang in lidmate se gedagtewêreld geniet. Hierdie saak sal dan ook ingebou moet word by 'n moontlike program wat geformuleer word met die oog om gemeentebou as instrument in te span om lidmate op en vir tye van verandering toe te rus en voor te berei.

### 7.6.8 Dwang tot verandering


***Nota vooraf**: waar in die afdeling na verandering verwys word, word in hoofsaak van ekstrinsieke verandering bedoel. Indien met verandering iets anders as ekstrinsieke verandering bedoel word, sal dit so omskryf word.*

***Verduidelikende nota**: Hier word met verandering ekstrinsieke verandering bedoel. Dit mag wees dat nie alle lidmate noodwendig nie noodsaak van 'n bepaalde verandering insien nie. Dit kan nou gevra moet: moet dwang toegepas word of nie. Vanuit die Bybel twee aanduidings wat tog iets wil deurgee. In Romeine 14: 1-3 word gevra dat ons nie onnodig met mekaar moet stry as ons opvattings van mekaar verskil nie en hier handel oor die saak of 'n gelowige net groente mag eet of groente en vleis. Dit is 'n adiafora (middelmatige saak) en kan daarom nie as dwingend noodsaaklik afgemaak word nie. Hier kan dwang tog nie geld nie en moet eerder die pad van oortuiging geloop word. Dieselfde saak word in 1 Korintiërs 8 aangespreek. In die deurvoer van ekstrinsieke verandering behoort onderskeid getref te word tussen beginselsake (dit waaroor die Bybel duidelike voorskrifte gee) en dit wat middelmatig (waaroor die Bybel nie duidelike voorskrifte gee nie) is. By laasgenoemde moet dwang liefs vermy word of versigtig en met deernis, liefdevol toegepas word. Oorreding vir sodanige verandering, lê dan op 'n ander vlak as wat die Bybel met μεταμορφουσθε* (2.3.2) en *ανακαινώσει/ἀνανεο* (2.3.3) eenvoudig vereis.

Gegewe die verskillende veranderinge waaraan lidmate van die Gereformeerde Kerk Ontdekkers oor die laaste paar jaar heen blootgestel is, is dit gepas om te probeer bepaal in welke mate hulle enige dwang ervaar het wat betref die veranderinge waaraan hulle blootgestel is en waarby hulle moes aanpas. Om dié rede is enkele vrae in dié verband ook in die vraelys vervat. Respondente se reaksie hierop sal vervolgens weergegee word.
Die vraag sou wel gevra kon word of lidmate glad nie gedwing kan word om wel te verander nie. Daar is tog in die studie uitgewys hoe God Moses (vergelyk 3.5.2, hoofstuk 3) en Jona (3.5.3, hoofstuk 3) gedwing het om ter wille van roepings wat Hy op hulle gelê het, intrinsiek te verandering om ekstrinsieke veranderinge waaraan hulle blootgestel sou word, eenvoudig te aanvaar. Ook Jesus (vergelyk 3.5.7, hoofstuk 3 van hierdie studie) het mense in sy onderrig en optrede voor die werklikheid van verandering geplaas en dit sou seker as vorm van dwang gesien kan word.
Dit sal in die onderafdeling self duidelik word dat ekstrinsieke veranderinge wat in die Gereformeerde gemeente van Ontdekkers geïmplementeer is, ondanks die gevoel van dwang by sekere lidmate.

Die eerste saak wat hier verdiskonteer word, handel daaroor of daar onder respondente 'n gevoel heers dat leiers (in die spesifieke gemeente se geval: die kerkraad) verandering op die gemeente afdwing of afgedwing het. Die resultate op dié vraag word met behulp van diagram 7.12 (op bladsy 267) aangedui. Dit kan net hier vermeld word dat die kwessie van dwang as synde losstaande van die aangeleentheid van die noodsaak tot verandering hanteer is, asook van die feit dat dit Bybels begrond moet wees. Dit word eerder in verband gebring met dié aspek van voldoende toerusting tot of gereedmaking vir verandering, wat die fokuspunt van hierdie studie is.

**Diagram 7.12 Dwang by verandering**




Hoewel dit uit bostaande diagram blyk dat 21.1% van die respondente wél die een of ander vorm van dwang ervaar het, het slegs 'n skrale 3.6% aangedui dat dit beslis die geval was. Daarteenoor is die oorgrote meerderheid die mening toegedaan dat verandering nie bloot deur die leiers of die kerkraad afgedwing is nie. Daar kan gevolglik met redelike sekerheid afgelei word dat die veranderinge wat in die Gereformeerde Kerk Ontdekkers-gemeente uitgerol is, wél aan deursigtigheid gekenmerk was. Dit is waarskynlik die resultaat daarvan dat die kerkraad nie bloot besluite geneem en dit aan die gemeente voorgehou of opgedwing het nie, maar dat hulle die weg van deelnemende besluitneming ingeslaan het.

'n Ander aspek wat deeglik verband hou met die vraag of verandering afgedwing word al dan nie, het te make met die vraag of lidmate wíl verstaan waarom voorgestelde veranderinge inderdaad noodsaaklik is. Indien lidmate nie van die noodsaak van verandering oortuig is of daaroor ingelig word nie, kan dit waarskynlik as 'n vorm van dwang beskou word. Die reaksie op dié vraag word aan die hand van tabel 7.9 (bo-aan bladsy 268) weergegee.

**Tabel 7.9 Verstaan van noodsaak tot verandering**


| Reaksie | Aantal respondente | Persentasie |
|---|---|---|
| Glad nie belangrik nie | 2 | 1.4 |
| Redelik belangrik | 15 | 10.8 |
| Belangrik | 68 | 48.9 |
| Uiters belangrik | 54 | 38.8 |

Die resultate uit bostaande tabel is 'n sterk aanduiding daarvan dat indien 'n voorgenome verandering nie van 'n verduideliking rondom die noodsaak vir die verandering gepaard gaan nie, lidmate maklik voel asof die verandering aan hulle opgedwing word. Slegs 'n skrale 1.4% van die respondente het by dié vraag aangedui dat hulle nié sal voel asof hulle gedwing word nie, al word die noodsaak van die verandering nie aan hulle verduidelik nie, terwyl 'n ewe lae persentasie van 10.8% weer meen dat hulle net 'n bietjie druk sou ervaar indien die verandering nie eers aan hulle "verkoop" sou word nie. 'n Oorweldigende meerderheid van 87.7% respondente het egter aangetoon dat hulle wél sal voel asof 'n verandering aan hulle opgedwing word indien die kerkleiers sou nalaat om eers die noodsaak daarvan aan hulle te verduidelik. Daar kan gevolglik met redelike oortuiging gestel word dat 'n deursigtige proses van sinvolle kommunikasie en gepaste toerusting tydens die veranderingsproses nooit gering geskat durf word nie.

Nog 'n situasie wat moontlik 'n gevoel van dwingelandy in die hand kan werk, is wanneer die gedagte onder lidmate posvat dat daar onnodiglik aan sake binne die Kerk of in hul gemeente getorring word. Dié situasie kan ontstaan wanneer iets verander word wat na lidmate se mening nog altyd goed gewerk het en veral wanneer dit verander word sonder dat die noodsaak of belangrikheid van die verandering vooraf aan hulle verduidelik is. Respondente se reaksie op dié scenario het hierdie bevinding weer eens onderstreep, soos in diagram 7.13 (op volgende bladsy) gereflekteer. Só het 60.5% van die respondente aangedui dat hulle verandering wat as onnodig beskou word, moontlik as dwang mag ervaar – veral indien hulle nie

behoorlik daaroor ingelig en/of daarop voorberei is nie. Dit blyk dus al te duidelik dat enige voorstander van of kampvegter vir verandering die risiko loop om tot selfs die helfte van sy of haar ondersteuningsbasis in te boet indien hy of sy sou nalaat om die veranderingsproses sonder die nodige voorbereiding uit te rol. Die invoer van geslaagde verandering, veral waar dit 'n ingrypende verandering behels, verg dus baie tyd, gepaste deernis en geduld en deurentyd Bybelse getrouheid en volharding vanuit die leiergeledere. Dit wil gevolglik voorkom asof die empatiese plooiing en begripvolle begeleiding van 'n gemeenskap wat moet verander, enige veranderingsproses net tot voordeel kan strek.

**Diagram 7.13 Verandering aan aspekte wat goed werk**




Uit hierdie diagram blyk dit duidelik dat slegs 12% van die respondente 'n verandering aan iets wat na hul mening goed werk, nié as 'n vorm van dwang sal beskou nie, terwyl 27% dit nie gou in dié lig sal beskou nie, hoewel hulle wel daartoe gebring sou kon word om dit as dwang te begin sien.

'n Laaste item wat onder die opskrif van dwang ten opsigte van verandering hanteer word, raak die aantyging dat dinge in die Kerk maklik verander word bloot omdat sekulêre sake voortdurend aan die verander is. Respondente se reaksie op dié stelling word in tabel 7.10 (bladsy 270) weergegee. Uit die resultate kan afgelei word dat 63.4% van die respondente (waarvan 19.4% beslís nie met die stelling saamstem nie en 54% bloot nie met die stelling saamstem nie)

nie maklik so 'n stelling as dwang tot verandering sal beskou nie. Aan die ander kant gaan 20.1% dit moontlik as 'n vorm van dwang op hulle sien waar die rede vir 'n verandering aangedui kan word en gaan 6.5% dit beslis as 'n vorm van dwang beskou as daar bloot verander word omdat die wêreld 'n onstuimige, veranderlike plek is. Ten spyte van dié lae twee persentasies moet die impak wat hierdie persentasie lidmate tydens en ná die veranderingsproses op 'n gemeente of die Kerk kan uitoefen, nie gering geskat word nie. Voortgesette kommunikasie en 'n byna meedoënlose proses van toerusting vir en voorbereiding op elke verandering sal egter korte mette met só 'n persepsie maak en rustigheid oor enige Kerklike verandering bring.

**Tabel 7.10 Verander omdat daar in die wêreld verander word**

| Reaksie | Aantal respondente | Persentasie |
|---|---|---|
| Stem beslis nie saam nie | 27 | 19.4 |
| Stem nie saam nie | 75 | 54.0 |
| Stem saam | 28 | 20.1 |
| Stem beslis saam | 9 | 6.5 |

Die moontlikheid dat lidmate 'n verandering in die Kerklike kader as synde op hulle afgedwing begin beskou, mag egter nooit uitgesluit word nie, met die gevolg dat die proses aan die hand waarvan hulle toegerus word om sodanige veranderinge te kan hanteer, altyd voorop gestel moet word. Deursigtigheid oor, asook vrye deelname aan die veranderingsproses, kan egter ingespan word om grootliks te voorkom dat die gedagte aan dwang onder lidmate posvat.

### 7.6.9 Impak van verandering op erediensbywoning

Met die vraelys is gepoog om vas te stel presies wat die impak van ekstrinsieke veranderinge in die Kerk en veral in die gemeente van die Gereformeerde Kerk Ontdekkers op eredienste en die bywoning van eredienste is. Hoewel die respondente dié vraag nougeset ingevul het, het verwerkings van die data deur die Departement van Statistiese Konsultasiedienste aan die Potchefstroomse kampus van die Noordwes Universiteit uitgewys dat die inligting wat hier ingewin is

(sien tabel 7.1), nie betroubaar is nie en gevolglik nie op 'n wetenskaplik verantwoordbare wyse ingespan kan word nie.

Dit beteken dat die inligting rondom die impak van ekstrinsieke verandering op erediensbywoning op 'n ander, hoewel steeds wetenskaplike, wyse bekom sal moet word, soos om gestruktureerde onderhoude met die respondente te voer. Dit behoort egter hier vermeld te word dat die hele aangeleentheid rondom die impak van ekstrinsieke veranderinge op eredienste en erediensbywoning nie oorspronklik bedoel was om deel van die studie te wees nie. Dié aangeleentheid is naamlik op versoek van die Gereformeerde Kerk Ontdekkers se Diensgroep: Bediening by die vraelys geïnkorporeer. Gevolglik sal die aangeleentheid nie verder in die onderhawige studie ondersoek word nie. Die hele kwessie rondom die uitwerking wat ekstrinsieke veranderinge of die gebrek daaraan op Kerklike gebied op eredienste en die bywoning daarvan het, verdien egter om volledig en wetenskaplik nagevors te word, en die betrokke gemeente beskou dit steeds as 'n prioriteit om meer inligting hieroor in te win.

## 7.7 Samevatting

Die Gereformeerde Kerk Ontdekkers-gemeente is vir die onderhawige ondersoek as gevallestudie geselekteer om bepaalde tendense ten opsigte van hoofsaaklik ekstrinsieke veranderinge op Kerklike gebied aan die hand van 'n vraelys bloot te lê. Nuttige inligting is dan ook bekom in 'n poging om te voldoen aan die doelstelling wat by die aanvang van hierdie hoofstuk onder afdeling 7.2 geformuleer is, naamlik dat daar by wyse van hierdie empiriese studie bepaal moet word hoe teologies vasgelegde inhoude in die praktyk in lidmate se geloofslewe verstaan en toegepas word. Die een moontlike beperking van die studie lê egter daarin dat die lidmate van slegs 'n enkele gemeente by die ondersoek betrek is. Hoewel hierdie gemeente doelbewus as die enigste gevallestudie geselekteer is, veral aangesien daar, sover vasgestel kon word, nog geen ander studie in dié veld onderneem is nie, kan die onderhawige studie gevolglik met

groot vrug as 'n loodsondersoek beskou word waarop verdere studies kan voortbou.

Ondanks die moontlikheid dat die navorsingsnet wyer gespan kon wees, kan daar nietemin met oortuiging gestel word dat 'n hoë betroubaarheidsyfer bereik is met dié inligting wat wél ingewin is, soos uit tabel 7.1 en die Bylae blyk, ondanks die feit dat die inligting wat rondom die impak van ekstrinsieke veranderinge op Kerklike gebied op eredienste en die bywoning daarvan verkry is, as onbetroubaar aangedui is (sien afdeling 7.3.10).

Die ontleding van die vraelyste, asook van die studies wat vir die basis- en metateorie gekies is, het gou getoon dat ekstrinsieke veranderinge op Kerklike gebied lidmate inderdaad raak. Daarbenewens is ook bevind dat lidmate 'n voorspelbare mate van weerstand toon, wat vir enige veranderingsproses verdiskonteer sal moet word. Voorts is aangetoon dat lidmate se toerusting vir en voorbereiding op sodanige veranderinge altyd die nodige aandag moet geniet en dat Kerkleiers só grootliks kan voorkom dat lidmate voel asof ekstrinsieke veranderinge aan hulle opgedwing word. Die "mondering" wat Kerkleiers vir dié voorbereidings- en toerustingsproses moet aantrek, bestaan grootliks daaruit dat lidmate oor en op elke voorgenome ekstrinsieke verandering ingelig en voorberei sal word, dat elke voorgenome verandering Bybels begrond sal word en dat die ganse proses sonder oorhaastigheid en met deernis en begrip onderneem sal word. Dit word dan gedoen met die bedoeling om lidmate te help om hulle denke te verander (intrinsiek te verander – PF).

Die wyse waarop ekstrinsieke veranderinge op Kerklike gebied in die Kerk of in 'n gemeente aangepak word, sal grootliks bepaal in welke mate daar onrus en onsekerheid onder die lidmate sal heers, wat weer eens die rol van toerusting oor hoe en hoekom verander moet word, onderstreep. Respondente het vir die onderhawige studie oortuigend aangedui dat hulle die noodsaak tot dié ekstrinsieke veranderinge wat die afgelope 14 jaar in die Gereformeerde Kerk

Ontdekkers-gemeente uitgerol is, wel deeglik verstaan en ingesien het. Dit kan egter gerus hier herhaal word dat dit gemelde lidmate by elke voorgenome ekstrinsieke verandering op Kerklike gebied op die hart gedruk is dat die betrokke verandering nie alleen noodsaaklik nie, maar ook Bybels begrond was, en dat dit anders kwalik sou kon voldoen aan die Bybelse betekenis van *μεταμορφουσθε* soos in afdeling 2.3.2 van hierdie studie aangedui.

Daar gaan vervolgens ter kulminasie van die studie in hoofstuk 8 gepoog word om 'n program op te stel wat Kerkleiers in staat sal stel om lidmate aan die hand van die gemeentebou-instrument toe te rus om tye van verandering reg te kan hanteer – 'n proses wat aangepak gaan word teen die agtergrond van al die inligting wat reeds vanuit die basis- en metateorie, asook vanuit die empiriese studie, verwerf is. Dié program sal hopelik as die werklike bydrae van hierdie studie gereken kan word.

## 7.8 Afleidings

Die volgende basiese afleidings vanuit die empiriese studie word vir die daarstel van 'n metode of program voorgehou aan die hand waarvan veranderinge op Kerklike gebied tot voordeel van 'n gemeente en met rustigheid onder die lidmate deurgevoer kan word. Gemelde afleidings sal, tesame met die grondbeginsels wat vanuit die basis-teorie geformuleer is en die bevindinge waartoe daar vanuit die Metateorie geraak is, die grondslag vir die beoogde program vorm. Die afleidings word vervolgens vanaf **BA 1** tot **BA 6** uitgestippel:

**BA 1** Waar lidmate na behore ingelig word oor of dan toegerus word rondom die noodsaak vir enige voorgenome ekstrinsieke verandering op Kerklike gebied, kan weerstand teen sodanige ekstrinsieke verandering verminder en selfs ondervang word. Dié toerustings- en inligtingsproses sal verder meehelp dat daar nie by die lidmate enige gevoel ontstaan dat die verandering of veranderinge (dit kan intrinsieke sowel as ekstrinsieke veranderinge insluit –PF) aan hulle opgedwing is nie.

**BA 2** Verandering (hier veral ekstrinsieke verandering bedoel – PF) behoort Bybels verantwoord te word, wat ook sal meehelp om groter begrip vir die verandering by lidmate te wek. Sodanige begrip kan uiteraard verder meehelp om enige weerstand teen die voorgenome ekstrinsieke verandering te laat verkrummel.

**BA 3** Toerusting rondom 'n bepaalde verandering in die Kerklike kader is egter nie 'n proses wat bloot met die oog op daardie spesifieke verandering onderneem moet word nie, maar moet ook volgehou word nádat die verandering of veranderinge bewerkstellig is. Op dié manier kan lidmate tot die besef gebring word dat elke verandering behoorlik bestuur word en word daar grootliks tot hul gemoedsrus oor die aangeleentheid bygedra.

**BA 4** Onsekerheid oor presies wáár 'n bepaalde ekstrinsieke verandering op Kerklike gebied die gemeente heen kan lei, kan met behulp van die gepaste toerustings- en voorbereidingsproses hokgeslaan word. Kerkleiers moet egter aanvaar dat 'n mate van weerstand immer onder lidmate gevoel sal word namate die voorbereiding op en toerusting vir 'n bepaalde ekstrinsieke verandering, wat bes moontlik jare reeds by die gemeente en/of die Kerk ingebed en ingeburger is, hulle uit hul gemaksone dwing.

**BA 5** Weerstand teen verandering (hier word in hoofsaak verwys na ekstrinsieke verandering – PF) op Kerklike gebied kom altyd, hetsy in mindere of meerdere mate, onder lidmate voor, selfs in gevalle waar 'n grondige en weldeurdagte toerustings- en voorbereidingsproses met die gemeente deurloop is. Indien hierdie weerstand egter voorsien en reg bestuur word, sou dit selfs tot groter stigting van die gemeente kon lei, aangesien sulke weerstand die Kerkleiers help om nie alleen die regte pas vir die veranderingsproses aan te gee nie, maar ook om elke faset van die veranderingsproses goed deur te trap en daarmee saam nóg groter geleentheid tot gemeentedeelname te skep. Die hele proses waardeur lidmate se vrese en onsekerheid

besweer word, skep inderwaarheid vir Kerkleiers 'n gulde geleentheid om hul lidmate steeds beter te leer ken en groter vertroue by hulle in te boesem. Kerkleiers moet egter steeds bedag bly op die spanning wat kan ontstaan tussen dié groep lidmate wat die voorgenome ekstrinsieke verandering verwelkom, dié wat langsamerhand die voorgenome verandering begin aanvaar het en dié lidmate wat steeds daarteen gekant is. Elke Kerkleier se begeleiding, begrip en geduld sal hier die deurslag gee.

**BA 6** Daar kan dus met grondige oortuiging gestel word dat toerusting vir en voorbereiding op elke voorgenome ekstrinsieke verandering op Kerklike gebied nie maar bloot opsioneel is nie, maar 'n noodsaaklike proses verteenwoordig wat vir elke gemeente onderneem moet word. Sou hierdie proses nagelaat of selfs bloot afgeskeep word, sou die onrustigheid en weerstand wat moontlik onder lidmate kon ontstaan, 'n uiters nadelige uitwerking op die gemeente in die besonder en op die Kerk in sy geheel kon hê, wat weer die gemeente en die groter Kerk se funksie as Ligdraer na binne en na buite kan skaad.